Jacob was not only successful in breeding a majority progeny with the desired colour patterns, but also **selected for superiority of performance,** leaving his uncle with the "weak progeny".

"41 Whenever the stronger females were in heat, Jacob would place the branches in the troughs in front of the animals so they would mate near the branches,
42 but if the animals were weak, he would not place them there. So the weak animals went to Laban and the strong ones to Jacob.
43 In this way the man grew exceedingly prosperous and came to own large flocks, and female and male servants, and camels and donkeys".

(New International Version (NIV) Holy Bible, New International Version®, NIV® Copyright ©1973, 1978, 1984, 2011 by Biblica, Inc.®)

After 14 years of experience managing the flocks, Jacob became very familiar with the coat colour inheritance in small stock.

He, furthermore, applied selection and mating principles (hand mating) to ensure superior offspring for other desirable traits. His success came within six years of mating.

Using information that colour inheritance in sheep takes place and other very likely assumptions on the frequencies of the forms of the genes influencing coat colour and patterns, stable flock size, the predominant culling of males and the business acceptances of the time (by Jacob's uncle Laban in this case), the most likely scenario would have been that 44.5% of the sheep would only carry the white (two dominant) formats of the genes, 44.5% would carry a white and black format of the colour genes but will appear white (one dominant and one recessive gene) and 11% would have been black (homozygous; two recessive genes). Even after the removal of the black (spotted) sheep, half the flock were still carries of the black (or spotted) gene.

If Jacob carefully selected the right sheep, starting with carries of the sought-after genes, the following graph depicts what would have happened (from Pearson, J.D. Science and Christian belief, Vol 13 No1; 51 – 58) due to applying the right selection plans.



From these few examples, some **lessons** can be learnt for successful breeding:

- All selection is based on the available variation in the population (usually the breed or your herd) you select from.
- The differences in appearance, measurement or observation will not necessarily be transferred to the progeny. The mode of inheritance and the proportion in differences due to the transferable genetic differences should be known.
- Selection without a proper breeding objective and measurable goals will lead to nothing.
- Proper recording is a prerequisite for successful breeding and attaining goals.
- The basic principles of inheritance, breeding and the effect of mating plans have not changed. New research results simply confirm them and allow the implementation of the latest techniques and tools to accelerate genetic progress while limiting any dangers.

Even in ancient times, **Jacob** (possibly with the assistance of Rachel, that once looked after her father's flocks) basically used the same principles to become wealthy from breeding livestock:

- He set **breeding objectives** that included multiple traits or properties (colour patterns as well as fertility, growth and ewes looking after their lambs) with differing modes of inheritance (Mendelian inheritance (non-additive genes) for coat colour and quantitative inheritance (additive genes) for the reproduction and production traits).
- He probably was **unable to keep proper records** of the linage and pedigrees of the animals considered as selection candidates, but looking after them for such a long period raises the possibility that he was **very familiar with the family structure in the flocks.**
- Performance (and reproduction) as criteria for selection were not the only consideration in his selection program. **He most probably also included functional efficiency and visual appraisal in selecting parents for the next generation,** hence the reference to him being able to breed "stronger" lambs for himself.
- **He recognised that setting of breeding objectives, measuring animals against these objectives and selecting on these rankings were important,** but the final step is the careful mating of individuals (possibly using hand matings). It is not known if he inadvertently retained genetic diversity by restricting inbreeding but it seems as if reproduction rate and survival was not at stake. ■

In the follow-up article, these principles and practices for modern day breeders will be discussed.

"All selection is based on the available variation in the population (usually the breed or your herd) you select from.



SYNERGY IN DATA RECORDING: FROM VISUAL TO SELECTION

by **Japie van der Westhuizen:** SA Stud Book and Animal Improvement Association

PART 2: Application in the present

In 1965, Gordon Moore, co-founder of Intel Corporation (the computer processor micro chip manufacturer) stated “that the number of transistors per square inch on integrated circuits have doubled every two years since their invention. Since this statement was made, the debate, especially in the computer industry, has been if this pace can be maintained. Furthermore, the same principle has been claimed in other industries, namely a doubling of efficiency or speed annually. More than 50 years later, Intel still uses Moore's statement on their Web landing page!

Some would even warn against the fast pace of technological advance, including the possibility of “artificial intelligence”. The current predictions are that computing power will surpass the human brain capacity (“singularity”) by the year 2023 (and human brains on earth by 2045!). The following figure illustrates the advances in computer capabilities, keeping pace with Moore's expectations, since the early 1900s, and with the future predictions (from “2045: The Year Man Becomes Immortal”; Time 2011; content.time.com).



Animal breeding and genetics technologies are underpinned by a host of sciences and seemingly unrelated technologies. The initial curiosity in how properties, characteristics and traits are inherited was closely linked to the biological processes and physiology. As the realisation grew that, in many cases, differences in performance or expression of properties is the result of, in many cases, a multitude of genes (usually each with a relative small, so called “additive” effect) basically not detectible as single units, a different approach to predict genetic merit developed. This has led to the 'marriage' of breeding and genetics with the statistics associated with probabilities. **It is now relatively common knowledge that Professor Charles Henderson opened a new world of possibilities when he laid down the foundation of mixed model equations to predict the genetic merit of farm animals.**

One of the major events in the unravelling the way inheritance work, was the Human Genome Project, where the genome (nucleotide base pairs) sequence of making up human DNA was determined. The project ran over a period of 13 years, involved numerous research groups from all over the globe and the costs ran over $3 billion (US Dollars). It is now possible to obtain a complete genome sequence of a person within a few days at a cost of about $1 000. Truly Moore's law was beaten by the Geneticists and the technologies they use. The next figure, presented by the National Human Genome Research Institute illustrates this.



Meanwhile, the fastest development in the animal breeding domain has been innovate means of integrating genomic information (usually in the form of partial information of the base pairs, or SNPs, on chromosomes of selection candidates) with BLUP breeding values. These developments are still based on the initial, age old theories where it is known that a magnitude of additive genes contribute to the differences in genetic merit for the traits of economic value, among these farm animals.

BACK TO REALITY...

Livestock breeders are sometimes confused with the many sources of information, methodology, institutional rules and role of common sense to apply in animal breeding.



Visual appraisal or assessment still plays a very important role in livestock breeding. Not only can it act as first line (gatekeeper) in determining suitability of the right animal for the right environment or conditions, but it can also serve as source for more refined genetic assessment. **The challenge is therefore to link visual assessment to objective recording of these observations.** The dairy industry has been very successful applying these principles where functional traits are linked to linear classification and subsequent genetic merit predictions. Visual assessment also serves as the identification of elimination of unwanted genotypes. Many Breeders' Societies will also support these practices as part of their unique product identification and 'branding'. Nothing wrong with that!

Pedigree information (with visual assessment) used to be the cornerstone of seed stock (Stud) breeding. Registers of many breeds go back for decades and many stud farmers can quote linage of their valued animals. Sometimes a very neat and structured system is also applied in the naming of animals, based on their linage. At one stage, when the recording of performance traits became popular, there were voices denouncing the recording of pedigree information. The assumption was that the differences in performance among animals within contemporary or treatment groups will suffice to identify superior animals suited as selection candidates. Luckily stud breeders did not abandon pedigree recording. **Pedigree information serves many (scientific) purposes, among others, the following:**

- Incorporation into genetic merit prediction, making use of the principle that related animals share common genes. This is one of the cornerstones of BLUP breeding value predictions.
- Optimising breeding strategies and incorporation in plans to curb excessive increases in inbreeding and the loss of genetic diversity, especially in smaller populations (breeds with fewer numbers). Modern day mating computer software programs use relationships among animals to very good effect.
- Picking up the mode of inheritance and frequency of single genes, either deleterious or those desired in a cattle population.
- Gaining other very important information and patterns, such as retention and culling rates and reasons why the progeny of certain sires are culled more frequently.

Since the nineteen seventies, proper recording of objective measurement of traits with economic importance (performance recording) became the norm for most livestock breeders and producers. Although the obvious advantages relate to the genetic improvement of herds and breeds by identifying superior individuals as selection candidates, it has additional advantages, such as using the information as a benchmark, comparing the suitability of animals in specific production systems and environments, making timely management adjustments to ensure **sustainable profitability** and building reliable databases for reference and statistics.







The principle of comparing animals for selection purposes is to make these comparisons fair. This means that the breeder needs to define the test (contemporary) group well and then compare how each animal performs relative to their contemporaries or peers. In South Africa, we call this an **"INDEX"** which is a simple calculation where an adjusted weight (usually adjusted for the age of the animal and the age of the dam) or weight gain of each animal is compared to the average of the group, usually expressed as a deviation from 100. **This system served the breeding industry well, but has some flaws:**

- It is assumed that the superiority (or inferiority) as reflected in the difference in performance from the group can be transferred directly to the progeny. **In other words, the assumption is that the heritability is 100%. This is never the case.**
- Correction applied for factors such as age and age of dam is constantly applied across contemporary groups, but in real life they should be different. This can lead to re-ranking in groups.
- **Selection of top animals in groups tells you something about performance differences within the group and nothing about possibilities of superiority on other farms, seasons and birth years.** These facts could be the most important considerations for any buyer of a bull.
- **The performance label allocated to an animal because of its performance in its group will stick to it for life, irrespective of its success as a parent (breeding animal).** It is known that this is not true as a more accurate prediction of an animal's breeding value will be the result of progeny performance (relative to the performance of progeny of other parents).
- No clear separation can be made in the case of maternally influenced traits, such as birth and weaning weights.

The successful combination of pedigree information with performance measurements and the consideration of the heritability (the performance differences that can be transferred to the progeny) and genetic correlations (how selection for one trait will genetically alter the population with regards to a different trait), lead to a much more accurate prediction of genetic merit. Basically, all the flaws of the "Indexes" are addressed by **BLUP breeding values.** There are, however, still some very important aspects that need addressing to raise the reliability of genetic merit an extra bar. Low genetic merit prediction accuracies can be expected in the following cases (where the only source of information might be a, so called 'Parent Average' based breeding value prediction:

- The animal was still too young to be measured for the economically important trait. For example, if a breeder wants to select for herd life (longevity), he needs to wait until an animal is past its breeding age.
- Some traits can only be measured or recorded on one of the sexes. These are, ironically, some of the most economically important ones, such as the dam's effect on birth and weaning weights and female fertility (age at first calving and calving interval, as measurements within contemporary groups).
- Carcass characteristics can only be measures on slaughtered animals. BLUP breeding values for these properties will therefore rely on the recordings of sibs (mostly progeny groups of collateral related sibs).

Adding an additional source of information, namely **genomic information,** to pedigrees and performance records enhances the prediction accuracy to decide what animals will be of superior genetic merit. Adding this information to the BLUP breeding value predictions addresses all the shortcomings of BLUP but also goes beyond that, namely taking the true relationships of the genotyped animals into consideration.

It is known that collateral sibs (such as brothers and sister, cousins, etc.) might deviate from the expected mean relatedness. The same could be true for 'new' animals allowed in a breed, where pedigree information is not known. These GEBVs gives a better reflection of the expectation that an animal received 'good' or 'bad' parts of the chromosomes carrying the genes from its parents. The advent of **BLUP breeding values has increased the need for superior computing power and novel mathematical algorithms to resolve very complex calculations.**

Moore's Law has therefore been very helpful. **The big jump, however, is the incorporation of genomic information in the equations.** Even when using one of the less dense SNP chips, at least 7 000 records are added to each of the genotyped animals' data (it is more common to use SNP chips with 20 000 or more SNPs).

Modern day breeders therefore have access to state of the art technology, although most of the grinding happens behind the scenes. The sources of information used for predicting the value of animals as possible parents (genetic merit) is illustrated in the following figure:



Without ANY of the three building blocks, genomic EBVs are of very little value.

A LAST THOUGHT...

Embracing appropriate technology and identifying the value of different sources of information to make correct decisions, separates the exceptional breeders from the rest. The challenge is there to make use of the right tools and to put effort into recording that matters most to clients and buyers of seed stock.

"IN THE ERA OF GENOMICS, RECORDING IS KING"

(Adapted from Mike Coffey, EGENES, Edinburgh, Scotland).

Simply because the matter of selection with proper breeding objectives in mind and ways to include different traits in these objectives were not addressed in the article, does not mean it is of lesser importance. That is a topic of another day.

OM TE MEET IS OM TE WEET

deur Michiel M Scholtz[1],
Dina A Linde[1] en
Anette Theunissen[2]
[1]LNR Diereproduksie-Instituut, Irene,
[2]Vaalharts-navorsingstasie,
Jan Kempdorp, Noordkaap.

Prof. Jan Bonsma het 'n boek met die titel "Livestock Production: Man Must Measure" geskryf wat in 1983 gepubliseer is. Die beginsels wat in hierdie boek aangespreek word, is nog steeds geldig.

Man must measure.
Om te meet
is om te weet.
Amadoda makajonge
umlinganiselo.
Go lekanyetsa ke
go itse.

In hierdie artikel gaan ons probeer demonstreer waarom dit ook vir Ngunitelers belangrik is om te meet.

HOEKOM IS DIE KEUSE VAN 'N TEELBUL BELANGRIK?

Een van die belangrikste stappe in die **genetiese verbetering** van 'n kudde is die **seleksie** van die **bulle** wat in die **kudde gebruik gaan word.** Die bul het 'n groot impak op die kudde, omdat 50% van die kalwers se genetika juis deur die bul beïnvloed word.

Daar is 'n **groot verskil** tussen **genetiese verandering** en **genetiese verbetering.** Wanneer daar minimum standaarde vir produksie- en reproduksie-eienskappe gestel word, gaan die ras geneties verbeter word, maar nie noodwendig geneties verander word nie.

Ter illustrasie hiervan kan die Nguniras as voorbeeld gebruik word. Daar is minimum standaarde vir die Nguni ten opsigte van ouderdom by eerste kalwing en tussenkalf-periode. Dit het daartoe gelei dat die tussenkalf-periode van die ras oor 'n tydperk van 25 jaar 19 dae korter geword het. **Het hierdie afname in tussenkalf-periode die Nguniras verbeter, of verander?**

Indien daar minimum standaarde vir vrugbaarheid gestel word, hoekom kan daar nie ook **minimum** standaarde vir **speengewig (binne 'n kudde)** gestel word nie?

Soos hierbo genoem, is die **keuse** van 'n **teelbul** belangrik om 'n kudde geneties **te verbeter.** Gelukkig hoef die keuse van 'n teelbul nie moeilik te wees nie. As die prosedure gevolg word wat ook gevolg word om 'n werknemer aan te stel, dan is dit maklik.

think different

'n Werkgewer sal nie iemand net op grond van sy identiteitsdokument aanstel nie. As die potensiële werknemer die gepaste kwalifikasies en 'n goeie CV het, het hy 'n beter kans op 'n aanstelling. Om 'n **teelbul** te koop is basies dieselfde.

"Is u bereid om 'n bul te gebruik waarvan u geen inligting het nie? Nee. 'n Bewys van die bul se prestasie moet gegee word."

Soortgelyk sal 'n werkgewer nie iemand aanstel waarvan hy net die geboorte-sertifikaat het en geen ander inligting nie. 'n Bul se registrasiesertifikaat lewer net bewys van wanneer en waar dit gebore is (die teler) sowel as wie die bul se ouers is.

Of die bul nou vir stoetteling of vir kommersiële doeleindes gebruik gaan word, dit moet steeds geselekteer word op grond van sy prestasierekords. Kies 'n bul wat die produksie-sisteem en die plaasomgewing die beste gaan pas. Die 'posbeskrywing' vir die bul moet bekend wees. Besluit wat die spesifieke kudde benodig: vrugbaarheid, 'n beter groei-tempo, groter of kleiner koeie, verhoogde melk-produksie of verhoogde speengewig. As hierdie stap afgehandel is, kan die boer 'n kortlys opstel van die mees geskikte bulle.

'n Registrasiesertifikaat is die bul se 'identiteitsdokument'. Dit bewys dat die bul van 'n spesifieke ras afkomstig is en dat dit voldoen aan die minimum standaarde wat deur die spesifieke Rasgenootskap daargestel word. Dit bevat ook sekere stamboom-inligting en mag selfs prestasie-inligting bevat. Die prestasie-inligting is die 'kwalifikasies' van die bul. Met ander woorde; wat is die vlak van onderrig wat die potensiële werknemer het, asook sy punte. Die prestasie-inligting wys of die bul getoets is en in watter fases.

- Fase A: Voor speen
- Fase B: Na speen
- Fase C: Sentrale groeitoets
- Fase D: Op-die-plaas groeitoets

Dit gee ook die werklike prestasie van die bul. Beraamde teelwaardes (BTW) is die 'CV' van die bul en verwys na die waarde van die dier vir 'n spesifieke eienskap in 'n teelprogram.

'n Persoon se 'CV' kan verander met verloop van tyd en moet altyd opgegradeer word.

Ook 'n bul se teelwaardes kan verander met tyd soos meer inligting beskikbaar word. Die mees onlangse waardes moet altyd gebruik word.

Algemene riglyne oor hoe die teelwaardes gebruik kan word in seleksie is beskikbaar, maar word nie in hierdie artikel bespreek nie. Dit is belangrik om in ag te neem dat teeldoelwitte anders mag wees vir verskillende omstandighede en dat teelwaardes in lyn daarmee gebruik moet word. Byvoorbeeld, die toestande mag sodanig wees dat 'n koei wat 'n swaar kalf speen omdat sy baie melk het, se reserwes sodanig uitgeput word dat sy nie die volgende dekseisoen dragtig word nie. Onder sulke toestande moet daar gediskrimineer word teen hoë teelwaardes vir melk, want dit gaan vrugbaarheid nadelig beinvloed.

Die volgende stap is om **die bulle** te **identifiseer wat u teeldoelwitte kan nastreef.** Hierdie is die proses waar 'n kortlys opgestel word van die potensiële bulle deur te kyk na die inligting wat beskikbaar is op die registrasiesertifikaat, prestasie-inligting en teelwaardes.

Verkry die veilingskatalogus vooraf en bestudeer die prestasie-inligting en teelwaardes van die bulle in die katalogus. Dit is ook belangrik om na die prestasie van naby verwantes te kyk (ouderdom by eerste kalf en die tussenkalwings-periode van die moer). In die geval van 'n privaat koop moet ook vir die inligting gevra word. Identifiseer die bulle wat voldoen aan die behoeftes van u teeldoelwitte en oorweeg net daardie bulle.

Wanneer die bulle geïdentifiseer is, moet **'n visuele** ondersoek van die bulle gedoen word. Hierdie is wanneer die werkgewer (u, as boer) 'n onderhoud voer met die werknemer (gekortlyste bulle). 'n Werkgewer gaan nie 'n onderhoud voer met iemand wat nie op die kortlys verskyn nie. So, moenie na bulle kyk wat u nie gekortlys het nie. Dit mag u deurmekaar maak as u 'n bul sien waarvan u hou, maar wat nie gekortlys is nie.

Konsentreer op die volgende funksionele doeltreffendheids-eienskappe wanneer na die bul gekyk word:

1. *Manlikheid (wanbalans van testosteroon)*
2. *Skrotum*
3. *Skede*
4. *Kloue*
5. *Die romp (rump)*
6. *Die bene en kootgewrigte*
7. *Temperament*

Nou is u reg om 'n 'aanbod van aanstelling' aan die bul te maak. Onthou dat u miskien nie suksesvol gaan wees met die aankoop van u eerste keuse bul nie, maar daar mag ander opsies wees as daar meer as een bul gekortlys is.

'n Werkgewer moet nooit iemand aanstel wat nie die werk kan doen nie. Moet nooit 'n bul koop wat nie aan u vereistes voldoen nie.

PRAKTIESE VOORBEELDE UIT DIE VAALHARTS NGUNIKUDDE

Die Vaalharts Ngunikudde is gevestig deur teeldiere (verse, koeie en bulle) aan te koop op veilings wat onder beskerming van die Nguni Telersgenootskap gehou is. Al die diere het dus aan rasstandaarde voldoen. **Ongelukkig het nie al hierdie diere oor prestasie-inligting beskik toe hulle aangekoop is nie.**

Oor 'n vierjaar-periode was die gemiddelde 205-dae speengewig van Nguni-bulkalwers in die kudde 152 kg. Die speengewig van die hoogste 10% was 186 kg en die van die laagste 10% was 116 kg. Die speengwig van die laagste 5% was 97 kg. Sou die kudde hierdie koeie ingekoop het as dit bekend was dat die speengewig van hulle kalwers minder as 100 kg sal wees? **Daarom is dit belangrik dat prestasie-inligting van koeie ook beskikbaar moet wees.** Koeie soos hierdie swakste 5% hoort nie in die ras nie. Die vraag is: hoeveel sulke koeie word op veilings onder beskerming van die genootskap verkoop?

In die Angus x Nguni-program is daar 'n Angus x Nguni-bulletjie gespeen met 'n gekorrigeerde 205-dae gewig van 303 kg. Daar was besorgdheid dat die kalf verkeerd geweeg is, of dat dit 'n skryffout was. Toe die kalf egter by die voerkraal op Irene aankom het, het hy 372 kg geweeg. So, die speengewig was reg. Die koei het slegs 337 kg by die speen van haar kalf geweeg, so die kalf-koei-verhouding was 90%. Hoort so 'n Nguni-koei in die ras? Of die antwoord nou "Ja" of "Nee" is, as daar nie gemeet word nie, sal daar nie kennis gedra word van so 'n koei nie.

Daar is ook 65 jong Nguni-bulle in die voerkraal op 'n laer energie rantsoen gevoer. Die gemiddelde daaglikse toename (GDT) was 1.28 kg/dag. Die 25% (15 bulle) wat die hoogste GDT gehad het, het teen 1.59 kg/dag gegroei, wat heeltemal aanvaarbaar is vir die voerkraal. Die 25% met die swakste GDT het teen 0.98 kg/dag gegroei. 'n Voerkraal sal net eenkeer sulke diere voer en nooit weer nie. Net soos wat dit belangrik is om van die koeie met 'n swak vrugbaarheid ontslae te raak, behoort sulke bulle ook uit die ras verwyder te word, want hulle nageslag gaan selfs op die veld swak presteer. Daar was ook 'n bul wat teen 2 kg/dag gegroei het en hy behoort ook geprul te word, want hy is 'n uitskieter.

PRAKTIESE RIGLYNE

Die minimum vrugbaarheidstandaarde (skrotum-omvang, ouderdom by eerste kalwing, tussenkalf-periode) wat op die Nguni van toepassing is, is prysenswaardig en is waarskynlik die rede waarom die Nguni een van die vrugbaarste rasse in die land is. Dit is egter belangrik dat minimum (en maksimum) standaarde ook vir ander eienskappe, soos gewig en groei, toegepas word.

'n Praktiese riglyn wat as vertrekpunt gebruik kan word, sou wees:

1. *Alle verskalwers waarvan die speengewig/teelwaarde 15% swakker as die kuddegemiddeld (indeks van onder 85%) en 25% beter is as die kuddegemiddeld (indeks van groter as 125%) moet geprul word.*

2. *In die geval van bulkalwers kan die grense 10% onder kuddegemiddeld (indeks onder 90) en 25% beter as kuddegemiddeld (indeks bo 125) wees vir speengewig, 18 maande gewig en selfs op-die-plaas groeitoetse.*

Sulke standaarde sal verseker dat uitskieters uit die kudde en gevolglik die ras, verwyder word. Die langtermyn-doelwit behoort egter te wees om pasgemaakte modelle te ontwikkel vir die beraming van teelwaardes vir ras-spesifieke eienskappe, wat nie noodwendig dieselfde as vir ander rastipes mag wees nie. Suider-Afrikaanse Sanga-rasse is redelik uniek, aangesien hulle tropies aangepaste Taurus-rasse is. Dit mag 'n unieke benadering verg.



MVN040099

Calf Growth	Milk	Cow Value	Production Value
90	158	124	117

MVN050103

Calf Growth	Milk	Cow Value	Production Value
83	132	108	127



MVN060057

Calf Growth	Milk	Cow Value	Production Value
122	117	123	110

MVN060129

Calf Growth	Milk	Cow Value	Production Value
127	131	122	111

Herd with the most SA Studbook Best Producing Cow Awards in 2014 & 2015.
Second most in 2016.

FERTILITY | MATERNAL ABILITY | EFFICIENCY

Average values for females 2 years and older	Our cow herd	Breed average	Comments
Mothering ability (milk) breeding value (index)	2.5 (110)	0 (100)	Mothering ability
Calf growth breeding value (index)	4.3 (111)	0.8 (100)	Inherent calf growth
Income / large stock unit (Rand)	3173	2747	Efficiency / productivity
Age at first calving (months)	26	32	Early maturing
Intercalving period (days)	369	405	Fertility
Cow value (index)	20 (113)	5 (100)	Efficient / profitable cows
Growth value (index)	6.9 (105)	-13.9 (100)	Better feedlot performance
Production value (index)	15.9 (109)	0.3 (100)	Better overall productivity

CELEBRATING 22 YEARS of Nguni Stud Breeding

GA & MVN BRANDMERKE

GannaNgunis' mission is to concentrate on the breeding of pure animals that will have a positive effect on the fertility, mothering ability and therefore the efficiency (profitability) of breeders' and producers' herds.

DIAMANT

Sentrale

MISSION

GANNA ngunis

Michiel van Niekerk jnr | 083 234 0358
michiel@ganna.co.za | Boshof distrik

HULPMIDDEL OM NA DIE VOLGENDE GENETIESE PRODUKSIEVLAK TE BEWEEG

Dr Bobbie van der Weshuizen
SA Stamboek

In vandag se moeilike ekonomiese tye is dit van kardinale belang om diere te **selekteer** wat **geneties meerderwaardig** en so gevorderd moontlik is ten opsigte van optimale produksie- en reproduksie eienskappe binne die omgewing waarin die dier geplaas word.

Die tyd is lank al verby dat teeldiere (bulle of jong versies) bloot net met die oog geselekteer en gekoop word om 'n genetiese inpak in enige kommersiële of stoetkudde te maak. Daar is vandag addisionele inligting tot die koper se beskikking om met groot sukses 'n beter ingeligte besluit te maak wanneer teeldiere gekoop word.

Hiermee word daar nie gesê dat die oog nie belangrik is nie, inteendeel, 'n dier kan ook nie net bloot op syfers aangekoop word nie. Die dier moet goed met die oog gekritiseer word vir enige funksionele afwykings. Daar moet dus aangedring word op alle beskikbare prestasiedata, veral BLUP-teelwaardes, voordat 'n besluit gemaak kan word om 'n teeldier te koop. Indien enige iemand gedink het dat die gebruik en relevansie van BLUP-teelwaardes net vir die gebruik van die stoetteler is, word daar 'n groot aanname-fout gemaak. Die gebruik van BLUP-teelwaardes by die aankoop van teeldiere in 'n kommersiële kudde kan enorme waarde byvoeg.

Watter tipe dier sal die kudde geneties verbeter? Dit is die allerbelangrikste en beste vraag wat gevra moet word by die aankoop van teeldiere om binne die huidige bestuurspraktyk en omgewing die winsgewendheid van die boerderye te verhoog. **Hierdie vraag is slegs duidelik indien daar 'n duidelike telingsbeleid of teeldoelwit vir die kudde vasgestel is.** Formuleer eers 'n duidelike teeldoelwit vir die kudde, voordat daar bulle of verse op veilings ingekoop word.

'n Teeldoelwit word bepaal deur:

- **watter tipe genetika of diere tans op die plaas beskikbaar is,**
- **die beperkings van natuurlike hulpbronne,**
- **die tipe bemarkbare produk,**
- **kennis en ondervinding van die mark en kliënte,**
- **asook die einddoel van die kudde binne die markte- en kliënte-basis.**

Hou ook in gedagte dat die beste bul op een plaas en in een tipe boerderystelsel nie noodwendig die beste op 'n ander plaas of stelsel is nie. 'n **Teeldoelwit** hang dus daarvan af of die tipe dier op die spesifieke plaas sal floreer om winsgewend te produseer en te reproduseer.

'n Goed gedefinieerde telingsbeleid berus slegs op **ekonomies belangrike kenmerke en bestaan nooit uit slegs een kenmerk** nie. Dit sal byvoorbeeld minder wys wees vir 'n produsent om 'n teelbul aan te koop bloot net op direkte speen-meriete (m.a.w. die genetiese vermoë van die bul se kalwers om swaar by speen te weeg). 'n Eenvoudige teeldoelwit vir 'n speenkalf-stelsel gebaseer op BLUP teelwaardes sou gewees het: Hoë direkte speen-gewig (kalf-groei) teelwaarde, bo-gemiddelde (maar nie te hoë) speen-maternaal (melk), nie te hoë geboorte-teelwaarde nie (rondom die gemiddeld van die ras), asook goeie teelwaardes vir reproduksie-teelwaardes, soos ouderdom eerste kalf en interkalf-periodes (vir die doel van vervangingsverse).

Met die opstel van 'n teeldoelwit moet daar ook altyd ingedagte gehou word dat kenmerke geneties met mekaar gekoppel is. Speengewig is byvoorbeeld geneties gekoppel aan geboortegewig en 18 maande gewig. Dus, sou daar net bloot vir hoër speengewigte geselekteer word, sal daar ook 'n verhoging in geboorte en 18 maande gewigte verwag word. Hierdie genetiese korrelasie is gelukkig nie 100% nie en jy kan deur meer-kenmerk seleksie speengewigte geneties verhoog, terwyl bv. geboorte-gewigte konstant bly of verlaag kan word. Daarom is seleksie bloot net op een kenmerk, nie gewens nie.

Meer-kenmerk seleksie of die samevoeging van 'n teeldoelwit raak egter gekompliseerd, veral as daar uiteindelik die beste "all-rounder" uitgekies moet word om die genetiese vermoë van alle ekonomiese belangrike eienskappe te verbeter.

Weens tegnologiese ontwikkeling raak diereteling al hoe meer gekompliseerd. **Stamboek** is daarom voortdurend besig om sy dienste en produkte aan te pas en uit te brei om produsente **(stoet sowel as kommersieel)** te help om op 'n maklike manier tred te hou met ontwikkeling, asook om dit te kan toepas in belang van die groter veebedryf.

Een nuwe opwindende produk is die daarstel van 'n fasiliteit waardeur vleisbeesprodusente maklik toegang kan verkry tot die nuutste inligting van vleisbeeste met genetiese evaluasies deur die Logix-stelsel. Hierdie fasiliteit staan egter los van die meer omvattende Logix-Webblad wat 'n wyer reeks funksionaliteite bied.

Die nuwe diens is gratis beskikbaar vir enige kommersiële of stoetteler, konsultant of enige ander persoon met 'n belangstelling in veeverbetering. Hierdie diens help om vinnig en doelgerig teeldiere te identifiseer om die genetiese vermoë van kuddes te komplimenteer. Hierdie diens word verskaf via 'n interaktiewe Webblad, bekend as www.SABeefBulls.com. Tans is daar 25 vleisbees-rasse wat van die diens gebruik maak.

Wat die BeefBulls.com funksie so gebruikers-vriendelik en doelgerig maak, is die feit dat enige gebruiker sy eie pas-maak telingsbeleid kan vaslê en dus 'n hand-pas soektog na die gewenste genetika vir sy kudde en omgewing kan uitoefen.

Daar is basies **twee maniere** om te "soek". Die **eerste soektog** kan **geloods word om inligting te vertoon van 'n enkele dier,** indien die gebruiker **die dier se rekenaarnommer, ID of die naam van die dier ken.** Die dier se identifikasie-inligting kan bloot net ingelees word en alle genetiese inligting rakende die dier word dan vertoon, sowel as die teler van die dier as ook die huidige eienaar, sou die dier nog lewendig wees. Verder bied die nuwe fasiliteit ook volledige toegang tot al die stamboomgegewens met 'n keuse van 'n gekose eienskap waar die BLUP-teelwaarde deur die stamboom gevolg kan word. Stambome kan so ver soos tien generasies gevolg word, afhangende van die volledigheid van die stambome.

Die **tweede manier** behels 'n **groep-soektog.** Hierdie fasiliteit stel die gebruiker in staat om enige groep diere in ras-verband te soek op grond van vooraf opgestelde vereistes. Hierdie vereistes sal meestal geskoei wees op die betrokke gebruiker se doelwitte en voorkeure. Planne vir die verdere uitbreiding van SABeefBulls.com tydens 2017 sluit ook die koppeling van diere wat aangebied word op veilings en KI-bulle in. Daar word ook voorsien dat stoettelers toegang sal hê tot hulle eie kudde se diere op 'n kollektiewe basis (met ander woorde, bv. al jou vroulike diere wat voldoen aan die soektog-vereistes). Sodoende kan optimale parings uitvoer word op grond van die beperking van inteelt en om doelgerigte telingsdoelwitte te bereik soortgelyk aan die dienste wat Stamboek tans reeds vir die Suiwelbedryf bied deur middel van www.SADairyBulls.com.

SA BeefBulls.com is 'n hulpmiddel wat telers beslis kan help om na die volgende genetiese vlak met hul kudde te beweeg. ■

Met erkenning aan:
Red Meat / Rooivleis 8, pp 60 –63 (2017)

SABeefBulls.com
Profit through Genetics
- at your service

25 March Biggs Midlands Imperial Production sale at Mooi River saleyards by AAM auctioneers

18 November our 7th Midlands Imperial production sale at Mooi River by AAM Auctioneers

Our cattle are run on farms in the Natal Midlands, an area which is home to all tick borne diseases and as a result the cattle adapt well to all other areas of South Africa.



MII 12.04



MII 06.31

MII 13.28



MII 13.20



MII 13.69

BRIAN MAGOR: 082 372 6348
bmagor@futurenet.co.za

BRETT PEATTIE: 082 777 5544
bkp@mweb.co.za

GROEITOETSE VAN JONG NGUNIBULLETJIES

deur **D.J. Bosman** Pri.Sci.Nat. (Veekunde), Kranskop, KwaZulu Natal

Die teel van voortreflike Ngunibeeste is belangrik vir die vleisbeesbedryf. Dit beteken dus nie bloot die vermeerdering van Ngunibeeste nie, maar die teel van biologies en ekonomies doeltreffende diere. Dit vereis verstandige, gebalanseerde seleksiedoelwitte en keuses.

DIE SAMELEWING LEEF MET GELOOF, MAAR ONTWIKKEL DEUR WETENSKAP

Doelgerigte seleksie en teling is afhanklik van inligting wat ingewin word deur kudde-meting en inligting uit die verskillende sektore van die bedryf. Die meriete van elke kudde- en ras-besluit is primêr afhanklik van objektief-gemete inligting. Voorkoms-evaluasie gebaseer op wetenskaplike beginsels bly 'n integrale deel van kudde- en ras-evaluasie.

Die doel van groeitoetse by jong bulletjies is om genetiese verskille tussen diere te bepaal by gestandaardiseerde toestande op die plaas of by 'n sentrum. Verskeie bykomende eienskappe geniet aandag. Die volgende eienskappe word gemeet:

- Groeivermoë (GDT) oor toetstydperk en vanaf geboorte (GDO).
- Voeromsetverhouding (VOV). Slegs intensiewe toetse by 'n sentrum.
- Kleiberverhouding simuleer doeltreffende voerverbruik by veldtoetse
- Skrotum-omvang
- Skouerhoogte en liggaamslengte
- Veldikte (aanpasbaarheidseienskap)
- Ultrasoniese bepaling van karkaseienskappe
- Voorkoms-evaluasie volgens funksionele beginsels

Dit is voordelig om die verse na speen soortgelyk aan 'n groeitoets op die veld te plaas - om 'n naspeen-groeivermoë te bepaal.

Indien die versies net voor 'n winterperiode gespeen word, kan hulle oorwinter word met die toets wat gedurende die somermaande plaasvind. Dit sal die verse identifiseer wat die beste aangepas is en presteer onder die gegewe plaastoestande.

Ten einde genetiese verskille by die bul- en versgroepe te bepaal, is dit nodig om die bul- of versgroepe dieselfde te behandel tot aan die einde van die toets. BLUP-berekenings sal verdere omgewingseffekte soos moeder-ouderdom, datum gebore, ens. verwyder.

Dit is vandag ondenkbaar dat 'n stoetteler nie die produksie-potensiaal van sy diere meet en die syfers gebruik om sy teeldoelwit te bereik nie.

TEELBEGINSELS

As groeitoetse onderneem word, is dit belangrik om kennis te dra van sekere beginsels.

1. Variasie

By elke kalweroes is variasie teenwoordig vir al die **ekonomies belangrike eienskappe.** Geen twee diere het presies dieselfde genetiese samestelling nie. Hierdie variasie kan sinvol ontgin word met **prestasietoetsing,** sodat dit hersaamgestel kan word in 'n rigting wat die teler verkies en wat vir die ras en bedryf voordelig sal wees.

Die wyse waarop die bepaalde variasie gebruik word, is deur seleksie. Die Genootskap doen die eerste vlak seleksie met keurings. Die teler sal daarna diere verwyder wat nie sy doelwit bevredig nie. Dan volg beplande parings. Dit beteken dat koeie volgens die teeldoelwit gepaar word. Elke paring geskied dus doelgerig. Dit is die proses wat vir elke teler 'n stimulerende uitdaging behoort te wees. Voorkoms speel met beplande parings 'n belangrike rol.

'n Verdere belangrike voordeel van prestasiemetings is dat vordering oor jare gekwantifiseer kan word. Met voorkoms-evaluasie gaan dit verlore.

Die variasie vir enkele eienskappe by die Nguni verskyn in **Tabel 1.**

TABEL 1: Variasie wat vir groei-eienskappe teenwoordig is

GROEP	GDT (g)	VOV	HOOGTE (mm)	LENGTE (mm)
Beste 1%	1541	5.06	1121	1298
Swakste 1%	1105	6.87	1090	1300
% Verskil	40%	36%	3%	0%

GDT = Gemiddelde daaglikse toename, VOV = Voeromsetverhouding.

Twee belangrike beginsels vind toepassing uit Tabel 1. **Variasie kan slegs deur objektiewe meting bepaal word** en prestasie-toetsyfers dien slegs as seleksiehulpmiddel vir die teler. Dit is selde dat die beste presteerders as kuddebulle geselekteer word. Ander eienskappe soos reproduksie, voorkoms, raamgrootte en die omgewing, asook die teeldoelwit van die teler speel 'n belangrike rol in die seleksieproses. Variasie word ontgin, prestasies is beskikbaar en 'n gebalanseerde seleksie-besluit volg.

2. Erfbaarhede

Alle ekonomies belangrike eienskappe is in 'n mindere of meerdere mate oorerflik. **Seleksie sal dus vordering bewerkstellig met die hoër erfbare eienskappe wat vinniger sal verander.** Enkele erfbaarhede is die volgende:

- Groei (GDT) intensief bepaal:55%
- Groei (GDT) ekstensief bepaal:10-30%
- Raam-metings:45%
- Geboorte-gewig:40%
- Skrotum-omvang:45%

Indien 'n eienskap 40% oorerflik is, beteken dit dat die meting 40% die gevolg van die genotipe is en 60% die omgewing. Indien bulletjies in 'n toets 'n swak groei toon van onder 400g per dag word groei-verskille nie geneties doeltreffend evalueer nie en sal die erfbaarheid selfs laer as 10% wees. Verskille in groei tussen bulle in so 'n geval is bloot deur die omgewing beïnvloed en het dus geen genetiese waarde nie.

3. Korrelasies

Korrelasies tussen eienskappe is positief, of kan negatief wees. Die groei-eienskappe het 'n positiewe korrelasie met mekaar. Swaar kalwers by geboorte sal dus meestal groter en swaarder beeste by volwassenheid wees. Uitsonderings kom wel voor.

Naspeengroei (GDT) het 'n voordelige negatiewe korrelasie met voeromset-verhouding (VOV) van -0.70.
Dit is interessant dat die korrelasie tussen VOV en liggaamslengte -0.50 is.
Navorsing toon dat die spoed waarmee kos deur die spysverteringskanaal beweeg bepaal VOV.

Langer beeste het 'n langer spysverteringskanaal wat waarskynlik VOV bevoordeel. Die korrelasies tussen geboortegewig en verskeie ander groeimaatstawwe is vir 'n ras bepaal en word in **Tabel 2 gegee.**

Dit is duidelik uit Tabel 2 dat al die groei-eienskappe positief met mekaar gekorreleer is. Interessant is dat geboortegewig nie so hoog met die liggaamsmates en GDT gekorreleer is nie. Dit is voordelig. Volwasse gewig het 'n hoër korrelasie van 0.30 en 0.32 met hoogte en liggaamslengte, maar dit is ver van volledig, naamlik 1.0.

Dit is moontlik om die vorm van die groeikurwe te wysig deur slegs drie eienskappe in aanmerking te neem, naamlik geboortegewig, groei (GDT) en skouerhoogte. Groeivermoë (GDT) beïnvloed die helling van die groeikurwe gedurende die selfversnellende fase.

4. Balans

'n Belangrike beginsel met teling is dat balans tussen die verskillende eienskappe nagestreef word.

Die eienskappe melk, groei (GDT) reproduksie (skrotum-omvang) en hoogte behoort in 'n gesonde balans met mekaar te verkeer. Indien die melkproduksie-teelwaarde te hoog is, sal GDT (g) neig om laer te wees en sal die dier minder bespiering toon. Die eienskappe behoort ook in balans met die betrokke omgewing te wees.

GROEI EN ONTWIKKELING

Groei en ontwikkeling is verweef en is twee van die belangrikste biologiese prosesse wat in die dier plaasvind.

Hammond, 'n navorser van Brittanje, definieer groei en ontwikkeling soos volg:

- Die dier neem toe in gewig – **dit is groei.**
- Die dier verander in bouvorm en tipe en die verskillende liggaamsfunksies kom in werking – **dit is ontwikkeling.** Ontwikkeling is verandering wat plaasvind wat betref die bouvorm (liggaamsmate) en liggaam-samestelling (spier-, been- en vet-verhouding) van die dier.

• GROEI - 'n BELANGRIKE EIENSKAP

Groeivermoë is 'n belangrike eienskap wat plaasvind vanaf bevrugting tot aan die einde van die dier se lewe.
Die groei van bulletjies na speen kan volgens die teler se keuse intensief, semi-intensief of ekstensief bepaal word.
Die groeivermoë (GDT) van die Nguni, Afrikaner en nasionale gemiddeld by intensiewe groeitoetse, sedert 1999 met 'n 84 dae toetsperiode verskyn in **Tabel 3.**

TABEL 2: Korrelasie tussen groei eienskappe

EIENSKAP	18mnd gewig	Volwasse gewig	GDT	HOOGTE	LENGTE
Geboorte gewig	0.45	0.40	0.18	0.08	0.08
Volwasse gewig	0.67	-	-	0.30	0.32

TABEL3 : Naspeengroei van die Nguni, Afrikaner en Nasionaal (alle rasse)

RAS	N	Einde gewig (kg)	GDT (g)	VOV	SO (cm)	HOOGTE (mm)	LENGTE (mm)	Verhouding*
Nguni	95	326	1267	6.72	309	1133	1298	1:15
Afrikaner	399	361	1351	6.34	327	1197	1320	1:10
Nasionaal	18638	438	1721	5.94	335	1193	1377	1:15

SO = skrotum-omvang * Verhouding tussen hoogte en lengte maat. Verhouding van 1:20 is meer voordelig.

“ I WAS SELDOM ABLE TO SEE AN OPPORTUNITY UNTIL IT HAD CEASED TO BE ONE

Die Afrikaner is soortgelyk met die Nguni 'n Sanga-ras. Die gegewens in Tabel 3 vir die drie groeperings is soos wat verwag word. Die Nguni is die kleiner bees volgens die hoogte maat: 64mm korter as die Afrikaner. Verblydend is die voordelige hoogte : lengte verhouding van die Nguni wat 1:15 (15% langer as hoog) soortgelyk aan nasionaal, wat alle rasse insluit.
Prof. Jan Bonsma het by Mara-proefplaas Afrikanerbulletjies aan'n individuele groeitoets blootgestel en slegs kwaliteit hooi gevoer.

Die VOV-verskille het gewissel van 5.6kg hooi per kg toename tot 12.1kg hooi. Betekenisvolle variasie is teenwoordig selfs met'n volledige ruvoer-rantsoen. Dit is ekonomies belangrik om diere te identifiseer wat weiding doeltreffend benut. Hulle is altyd in goeie kondisie en sal elke jaar kalf.

- **ULTRASONIESE KARKAS-MATES**

In Suid Afrika is die bepaling van karkas-eienskappe op die lewendige dier'n relatief nuwe verwikkeling. Karkas-eienskappe word na'n groeitoets bepaal deur opgeleide personeel. Metings behels die oppervlakte van die oogspier (longisimus dorsi), vetdikte oor die 13de rib'n hand breedte van die toplyn van die bees en vetdikte oor die hoër deel van die kruis. In Tabel 4 word dieselfde drie rasgroeperings se gegewens gegee.

TABEL 4: Ultrasoniese karkasmates

RAS	N	Gewig (kg)	Ribvet (mm)	Kruisvet (mm)	Oogspier oppervlakte (cm^2)	Marmering (punt)
Nguni	41	329	2.9	4.0	56	2.4
Afrikaner	16	351	2.8	4.1	65	2.0
Nasionaal	6285	438	3.0	4.5	68	2.4

Dit is duidelik dat aan die einde van die groeitoetse die vetdiktes van die drie rasgroepe basies dieselfde is. Die marmering punt uit 5 is voortreflik. Met hierdie mates is dit moontlik om bulletjies te selekteer met goeie marmering, indien so 'n eienskap in die toekoms belangriker word en tot voordeel van vleiskwaliteit blyk te wees, is meting daarvan vandag reeds 'n vereiste.

- **VOORDELE VAN GROEITOETSE**

Indien die resultate van die eienskappe wat met groeitoetse bepaal word beskikbaar is, kan 'n teler sy kudde in 'n interessante en **ekonomies doeltreffende rigting teel.**



In Figuur 1 word die verspreidings-diagram vir elk van die 236 bulletjies van 'n Britse ras wat getoets is, gegee. Die beginsel wat hieruit voortvloei is belangrik.

In Figuur 1 verteenwoordig groep A die bulletjies wat swakker as gemiddeld gegroei het en 'n swakker VOV as die gemiddeld gehad het. In hierdie geval is hulle 46.8% van die 237 bulletjies. Groep B is die groep wat goed groei met swakker VOV. Hulle is 10.3%.

Groep C is die swakker groeiers, maar met 'n bogemiddelde VOV. Hulle verteen-woordig 12.7%. Groep D is die beste groeiers met die beste VOV.

Hulle verteenwoordig 30.4% van die getoetste groep bulle. Die variasie wat voorkom is duidelik. Dit is slegs deur objektiewe meting wat hierdie inligting beskikbaar gestel word. Die korrekte keuse is vir die teler veel makliker.

Dit word soms beweer dat die bulle wat beter groei die groter, later ryp diere is. In Figuur 2 word die verspreidingsdiagram van groei (GDT) teenoor hoogte mate aangedui.



Imagine you are a developer and your next development needs to be the grandest one yet. You visit Nguni Architects where you listen to proposals and you are really interested in combining 2 proposals from 2 team members (one male and the other female, as luck would have it) to give you that grand design that would be the best yet. The plan on paper needs to become a reality and you are off to different building contractors. You have a choice of good (most expensive), average (market related) and bad (least expensive) contractors – all working from the same blueprint. The process and outcomes are illustrated in Figure 1A.

Figure 1 B - No more imagining, you are a Nguni breeder and you select (based on your experience and information at hand) a specific bull and cow combination to generate your best offspring yet. Genomic analysis of the DNA from the calf (the calf's genetic blueprint) reveals that the combination of genetics from the sire and the dam was indeed excellent.

Figure 1A



Figure 1B

On paper you now have a calf with genetic potential exceeding all previous records. This genetic potential needs to become a reality and you are off raising the animal in the hopes of unlocking this genetic potential. You have a choice of good (most expensive), average (market related) and bad (least expensive) environmental conditions – all working from the same genetic blueprint. The process and outcomes are illustrated in Figure 1 B. Below are a few questions (Q) and answers (A) to provide more information

Q: What role does DNA parentage play in modern animal breeding practices?

A: DNA parentage in cattle is based on specific regions that were proven to be inherited from the sire and the dam in such a way that you can detect the regions in the offspring. The industry standard looks at 12 of these regions. This allows, with high accuracy, confirmation of the pedigree of the offspring, ensuring that the breeding occurred as planned.

It is important to know that the most accurate results are obtained when both parents and the offspring are genotyped on DNA level. Genotyping all dams and the herd sire has a financial impact, so very often only the sires are tested against the offspring. This is the reason why Clinomics includes the 12 industry standard markers as well as 6 additional markers to increase the accuracy of the results.

It is also important to remember that more markers are better, since all parentage results list sires/dams that qualify as the parent(s) of the offspring and more markers will significantly reduce the inclusion of parent(s) qualifying by chance.

Q: What role does genomics play in modern animal breeding practices?

A: Genomics are, among other things, used to determine the genetic potential of an animal. These are based on association studies between genetic markers and well-recorded traits.

The majority of these traits are significantly influenced by the environment. This once again emphasizes the importance of thorough and accurate recording of information (animal traits and the environment). Without accurate records, no accurate associations can be made and the small differences on DNA level between animals remain just that: small differences on DNA level between animals.

Q: What is the difference in DNA parentage and genomics as a service?

A: There are 2 mainstream approaches towards DNA parentage at the moment, microsatellites and SNPs. At Clinomics we make use of microsatellites for DNA parentage where we look at 18 markers (including the 12 recommended by the International Society of Animal genetics – ISAG) for routine parentage in cattle. ISAG also has a SNP panel (comprising of 100 SNPs as the core panel) for routine parentage. Both the microsatellites and SNP approaches are affordable and allow for comparable highly accurate DNA parentage results.

There is currently only one major player in the animal genomics market. Illumina, individually and through its partnerships, offers different genomic profiling chips ranging from a low density chip (looking at approx. 8 000 SNPs) to the high density chip (looking at approx. 777 000 SNPs at a time) for genomic analysis.

Cost associated with these chips is significantly more than the parentage analysis, but it yields significantly more information. The SNP chips have been validated for a whole range of different breeds and have been well studied.

Q: What role does the environment play on the realization of genetic potential?

A: Environmental impact on unlocking the genetic potential of offspring is well documented and described in literature. A simple example commonly used: An animal may have a genetic tendency toward a certain weight. But the animal's actual weight is influenced by environmental factors such as food availability and consumption. Environmental effects can also occur much earlier than expected.

A study on white tail deer was published indicating the maternal effect on offspring.

One of the conclusions was that the growth of offspring born from white tail females that were subjected to sub-optimally environmental conditions, remained stunned even though all the offspring were given access to the same quantity and quality of feed. The stunned growth was only reversed during the second generation after giving the pregnant females access to optimal environmental conditions.

We, at Clinomics, believe in solving problems and creating trust. Trust in accurate and reliable results not only exists between Clinomics and the breeder, but that very same trust is instilled between breeder and buyer giving the buyer peace of mind in knowing that the animal bought does in fact have the pedigree as sold. ■

For more info e-mail us at **info@clinomics.co.za** or visit our website at **www.clinomics.co.za.**


JASONQUA
JASONQUA NGUNI STOET
JACQUES DE BEER
TEL: 084 318 8021 || TEL: 056 343 0172 || jasonquangunistoet@gmail.com



BREEDING VALUES FOR LONGEVITY

Dr Helena Theron, Dr Bobbie van der Westhuizen & Dr Japie van der Westhuizen
SA Stud Book, Pretoria Office

THE IMPORTANCE OF LONGEVITY

Longevity of cows has an economic impact on a herd. Mature cows which have produced many calves are without a doubt more profitable than cows that only produce one or two calves and then have to be culled. It is expensive to raise a heifer, and if she only produces one calf before being culled, she will most likely not be profitable. Longevity is also one of the major contributing factors towards genetic progress when selection pressure is applied in livestock. A lack of fitness (survival and fertility) necessitates lower selection pressure among the animals eligible as selection candidates as more replacements are needed to fill the void caused by the non-survivors.

Longevity has a genetic component, which is in fact a composition of many underlying traits, of which the ability to adapt to the environment and fertility are probably the main factors. The genotypes that are most adapted to the environment can usually be identified as animals that remain in relative good condition throughout their lives and reproduce regularly. These are cows that remain in the herd for many years and produce many calves. Adapted cows that calve every year are the ideal type of cow, especially if her daughters also remain in the herds.

The question is why do cows leave the herd? Sometimes a cow culls herself – she doesn't show heat, doesn't become pregnant, becomes ill, or dies. She may also be culled due to structural defects, for example leg and hoof problems or scrotal abnormalities in bulls. This is known as involuntary culling. Voluntary culling happens when the breeder decides to cull the cow - usually for poor production, or for example, if she weaned a poor calf. She may also simply be the poorest cow in the herd, but if she is genetically acceptable, she could be sold off to another breeder.

There is therefore a huge difference in profitability between these two types of animals. If a large proportion of animals in the herd cull themselves, the breeder has no option but to keep the poor producers as well, which has a long term effect on the productivity of the herd and the reaching of selection goals.

Longevity therefore measures the composite ability of animals to remain in the herd. It reflects the ability of a cow to reproduce and wean calves while remaining sound and resistant to diseases for as long as possible. In bulls it reflects the ability to breed daughters that have a long herd life (longevity). On request by the Nguni council, S.A. Stud Book has now developed Phenotypic measures of longevity.

PHENOTYPIC MEASURES OF LONGEVITY

Data of cancelled Nguni cows on the Logix database where used to ascertain phenotypic measures of longevity in Nguni cows, for example maximum number of calves born and erosion of cows over time. Only data of cancelled cows were used, as they have calved for the maximum number of times and only cows born before 2007 were included, as they could already have at least 8 calves. The data choice for this particular study ensured the avoidance of possible biased conclusions as it allows equal chances for survival of the animals included.



Figure 1: Erosion of fertility records: only around 50% of cows that calve for the first time, calve for the second time of which 50% calve for the third time. After that, around 60-70% of cows calve again each year, up to a maximum of 18 calves.

The distribution of number of calves born among current live Nguni cows are also shown in figure 2. Of the currently active Nguni cows, 35% have one calf on record, 21% have 2 calves and only 19% have more than 4 calves. This shows that many cows are lost after producing only one calf. If a greater proportion of cows can be moved from the group that are culled after producing one calf, to the group that produce a calf each year, longevity and profitability will increase. Although this is typical of what happens in most breeds, it shows that there may be some room for improvement in the longevity of Nguni cows.



Figure 2: The distribution of the number of calves of live Nguni cows currently on the Logix database

ESTIMATION OF BREEDING VALUES FOR LONGEVITY

Breeding values for longevity needs to take into account when an animal is cancelled and therefore leaves the breeding herd. It also has to take into account other influencing factors, for example the sex of the animal and the herd or contemporary group to which it belongs.

A large *multi-trait model,* which tracks the activity of all animals born in their specific contemporary groups each year for a period of 10 years, are used for the estimation of breeding values for longevity (also known as herd life). This contemporary group stays intact for a period of 10 years. Animals are classified as 2 when alive and present, or 1 when cancelled. All animals in the breed are classified as alive in their birth contemporary groups. Should an animal be present at weaning, 18 months, 2 years and every year in between up to 10 years, it is classified as alive for each period (which constitute a trait).

Should the animal be cancelled at any stage, it is classified as cancelled from that period onwards up to 10 years. If the status of an animal is unknown, it is classified with a value of zero. **Measurements are taken for both males and females, but both sexes are not placed in the same contemporary groups, as selection pressure is much higher on bulls than on cows.**

Other factors that are taken into account are a sire by herd interaction and the fact that it is repeated measures on the same animal. The herd in which the animal remains for each measurement is also considered, as retention in herds may differ. While some herds may be building numbers, others may remain stable. An animal may be sold to a herd which wants to increase herd size for example, in which case a higher proportion of animals would be retained in this specific herd. This herd effect is also therefore taken into account and breeding values are corrected for it.



Figure 3: Genetic trend for longevity in Nguni cattle show genetic improvement.

> Longevity has a genetic component, which is in fact a composition of many underlying traits, of which the ability to adapt to the environment and fertility are probably the main factors.

Breeding values are then estimated in a multi-trait model and an average Breeding Value for Longevity, also known as Herd Life, is released. The heritability for the separate traits (chances of an animal to still be alive at a specific age) range between 9% and 23% and all genetic correlations between individual longevity periods are high positive.

From Figure 3 **it can be seen that the genetic trend for longevity in the Nguni is positive and that Nguni breeders have genetically improved longevity over time. Nguni breeders have directly or indirectly selected for longevity** – these are cows that tend to be well adapted to the environment and calve regularly. If this type of cow is used for the breeding of sires, longevity will be further enhanced and genetically ingrained in the Nguni.

Longevity breeding values take pedigree information and the performance of family members into account as well. Should a heifer come from a genetically strong cow family where cows tend to become old with many calves becoming parents themselves, this will show in her longevity breeding values.

An old cow that have been very successful herself and due to a superior environment, weaned many calves, but no or only a few calves tended to be retained in the breed. Her calves' performance will negatively affect her longevity breeding values. An example will be a cow that have been in a very good environment her whole life – even though it was easy for her to calve every year, and she was never exposed to diseases or other adverse conditions, and she therefore became old herself. If her calves tended to be culled at an early age, her longevity breeding value will be penalized.

LONGEVITY IS ALSO INCLUDED IN THE COW VALUE

The effect of longevity, which is an important characteristic of a 'perfect' cow, has been missing from the Cow Value. Sometimes older cows or 'grande dames' with many calves and a short ICP would have poor fertility breeding values due to small contemporary groups when they were young or some other reason, while not having many female family members to add information regarding fertility.

These cows will now find redemption in the adding of the longevity breeding value as part of the fertility sub value, which will influence the Cow Value.

SELECTION FOR LONGEVITY

Selection for the composite longevity trait is possible in the Nguni, as is shown by the strong positive genetic trend. The goal would be to select both cows and bulls that are genetically programmed to be able to adapt to their environment, and nonetheless produce a calf each and every year. Longevity breeding values can be used to select animals that conform to these characteristics, and at least identify animals that don't. This will result in the increase of profitability for the beef cattle producer. ■

Gariep Nguni's

"Nature is smarter than all of us"



Matroos Sons



Freddie Besselaar Tel: 072 782 0057 www.gariepngunis.co.za

RUMENFLORA EN DIE INVLOED DAARVAN OP AANPASBAARHEID

deur **Heinz Meissner**

Die woord "aanpasbaarheid" by herkouers – kom ons gebruik vleisbeeste as voorbeeld – verwys gewoonlik na 'n verwantskap met die omgewing, alhoewel daar natuurlik ook ander soorte aanpasbaarhede is.

Vir vleisbeeste word gewoonlik na aanpasbaarheid verwys as tot watter mate hulle by 'n bepaalde omgewing kan inskakel. 'n Aangepaste vleisbees is dan een wat suksesvol ingeskakel het en gemaklik is met sy omgewing, ongeag die normale seisoenale- en droë of natsiklusse, hitte of koue, veldtoestand en parasietladings. Die klem hier is op "normale" en nie buitengewone of uiterstes nie; dit val buite hierdie raamwerk.

By wild word dikwels die woord "habitat" gebruik wat eintlik ook maar beteken "aangepas by die omgewing", maar ander kriteria word ook in ag neem. Die mate van aanpassing kan 'n mens by vleisbeeste meet as kondisie, produksie vanaf die veld, reproduksie, weerstand, temperatuur en binne perke, vermoë om deur groot omgewingskommelings te kom.

Vanuit hierdie beskrywing is dit duidelik dat voeding van die aangepaste vleisbees 'n sentrale rol speel, want voeding beïnvloed of bepaal kondisie, produksie, reproduksie en immuniteit. **As herkouer staan die rumenflora van die vleisbees dus sentraal in sy aanpasbaarheid.**

Dikwels word die aanname egter verkeerdelik gemaak dat die rumenflora slegs bepaal word deur die voer wat die dier inneem en dat dit niks met die dier te doen het nie. **Anders gestel, dit word aanvaar dat die flora in 'n vat lê waar dit kan fermenter.** Die uitkoms word dan bepaal deur die samestelling van die voer en hoe die florasamestelling aangepas is by die voer wat die vat binnekom.



AS HERKOUER STAAN DIE RUMENFLORA VAN DIE VLEISBEES DUS SENTRAAL IN SY AANPASBAARHEID.

Dit is nie so eenvoudig nie. Daar is ook 'n bepaalde verband tussen die rumenflora en die gasheerdier.

‘n Voorbeeld hiervan is dat stikstof, fosfaat en ander voedingstowwe moet terugsirkuleer vanaf die dier se lewer, been en ander organe na die rumen vir suksesvolle fermentasie. Die sukses hiervan hang af van die dier se persoonlike metabolisme. 'n Ander voorbeeld is dat die absorpsie en afvloei van halfverteerde voer na die dunderm (waar dit verder verteer en die endprodukte geabsorbeer word) tot 'n sekere mate deur die dier self bepaal word.

Interessant is dat daar betreklik groot verskille hierin tussen diere is. Om dit te illustreer: ons het 'n klompie jare terug gewonder wat maak dat sekere skape meer wol produseer as ander. Skape wat oor jare vir hoë wolproduksie geselekteer is, is geneem en hulle is vergelyk met ander skape wat vir lae wolproduksie geselekteer is by dieselfde vlak van voerinname. Terwyl verskille ook op die metaboliese vlak gelê het, was 'n belangrike rede dat hulle verskil het in die uitvloeitempo vanaf die rumen en die absorpsie van voedingstowwe uit die dunderm. Dus, ten spyte daarvan dat die hoë wolproduseerders dieselfde voer gevreet het as die lae wolproduseerders, het hulle meer voedingstowwe gekry.

Nou is die vraag, hoe word die rumenflora beïnvloed deur hierdie individuele verskille tussen diere? Alhoewel daar baie soorte mikro-organismes teenwoordig is, is die meeste betrokke by of veselvertering (vanaf ruvoer soos veld) of stysel- en suikervertering (vanaf lekke of byvoedings). Vesel bestaan uit kettings sellulose, hemisellulose en lignien wat saamgebind is. Van die organismes wat die vertering doen, heg vas aan die kettings en hulle doen die aanvanklike afbreek van die kettings.
Dan neem ander oor en omdat die stukkies van die kettings nou los is, vloei dit vrylik in die watermedium van die rumen (die rumen bevat 60 tot 70% water).

Dit beteken hierdie organismes is nie vasgeheg nie, maar doen hul werk in die watermedium. Die in- en uitvloei van die water is dinamies en as hierdie organismes nie vinnig groei en vermeerder nie, kan hulle “uitgewas” word en in uiterste gevalle selfs verdwyn uit die rumen. Indien 'n dier nou goed aangepas is by die voer (byvoorbeeld veld) wat hy vreet en hy is een van daardie individue waar fermentasie optimaal plaasvind in die rumen, dan beteken dit onder andere dat hierdie organismes 'n vermeerderingstempo ontwikkel het wat maak dat hulle minder uitwas.

Die laaste wyse waarom sekere diere (vleisbeeste) uit 'n voedingsoogpunt beter aangepas is by hul omgewing (en hier raak dit aan die begrip “habitat”), is dat hulle geleer het om vanuit die bestaande veldsamestelling 'n dieet te selekteer wat 'n hoër voedingswaarde het as wat ander sou selekteer. Die waarde daarvan is veral wanneer veldtoestand verswak. Omdat hulle dan 'n hoër kwaliteit selekteer, sal hul rumenflora ook effens verskil - tot voordeel van die eindprodukte (voedingstowwe) wat in die fermentasie- en verteringsprosesse ontwikkel.
Vleisbeeste verskil voorts ook ten opsigte van hul onderhoudsbehoefte wat 'n verdere verklaring is vir beter of swakker aanpasbaarheid, maar dit is 'n eienskap van die dier self wat buite hierdie onderwerp val.


Make a Difference
Good Genetics = Good Economics
PVC · 051 448 5832/4

DIE NGUNI EN SUIDER-AFRIKAANSE PRODUKSI

deur **D.J. Bosman, Pri. Sci. Nat.** (Veekunde) Kranskop, KwaZulu-Natal

Die Nguni speel sedert sy stigting in 1983 as formele ontwikkelende ras 'n belangrike rol in die Suider-Afrikaanse vleisbeesbedryf. Prestasietoets-inligting is reeds vanaf 1967 aangeteken - aan die begin waarskynlik by die verskillende Staatskuddes. Die Nguni Genootskap is tans die beesras by SA stamboek geregistreer met die derde grootste getal lede en aangetekende diere. Die Nguni word as 'n Sanga (*Bos taurus africanus*) geklassifiseer. Ander Suider-Afrikaanse suiwer Sanga rasse sluit in die Afrikaner, Pedi, Shangaan, Tswana (Botswana) en Tuli, Nkone, Shonas (Zimbabwe).

"DIFFERENT ISN'T ALWAYS BETTER - BUT BETTER IS ALWAYS DIFFERENT

ESTELSELS

Gedurende 2015 was 33 vleisbeesrasse aangeteken in Suid-Afrika met die komposiete of saamgestelde rasse wat 38% van die rasse verteenwoordig.
Die Nguni is een van die mees aangepaste rasse onder ekstensiewe toestande waar temperature 40°C kan bereik, dit vogtig is met weidings wat skraps is en etlike parasiete 'n lastige probleem is, veral in Swaziland en KwaZulu-Natal. Dit is 'n ras met 'n gemaklike temperament en 'n hoë reproduksietempo.

Die toekoms van die Nguni lê in sy vermoë om 'n positiewe bydrae in die vleisbeesbedryf te lewer.

Dit impliseer dat telers kennis moet dra van die Suider-Afrikaanse produksiestelsels. Nguni-telers moet die bedryf verstaan en planne saamstel om in die bedryf 'n gepaste bydrae te lewer.

RASSAMESTELLING VAN DIE VLEISBEESBEDRYF

Die bedryf verander met tyd. Dit is voordelig om die rassamestelling in Suid-Afrika te verstaan en tendense oor tyd waar te neem.

Die rastipes in Tabel 1 is soos volg saamgestel:

Indicus rasse: Brahman, Boran

Sanga rasse: Afrikaner, Ankole, Nguni, Tuli

Komposiete rasse: Afrigus, Afrisim, Beefmaster, Bonsmara, Braford, Brangus, Charbray, Drakensberger, Hugenoot, Pinzyl, Santa Gertruidis, Senepol, Simbra

Britse rasse: Angus, Dexter, Hereford, Red Poll, Shorthorn, Sussex

Maervleis rasse: Braunvieh, Charolais, Chianina, Gelbvieh, Limousin, Pinzgauer, Romagnola, Simmentaler, South Devon

Tabel 1: Rassamestelling volgens persentasie kuddes

RAS TIPE	GETAL RASSE		PERSENTASIE KUDDES				
	1980	2015	1980	1990	2000	2010	2015
Nguni	**1**	**1**	**7**	**5**	**3**	**3**	**3**
Indicus	1	2	7	5	7	6	6
Sanga	1	4	14	14	10	12	12
Komposiet	3	13	20	27	31	40	38
Brits	4	6	27	23	21	17	18
Maervleis	5	9	33	32	31	26	26
TOTAAL	15	34	4084	4007	2929	3307	3230

Bron: Stamboek, LNR, Breedplan, Jaarverslae

In 1980 was daar ses Nguni-kuddes in die prestasietoetsskema, waarskynlik Staatskuddes. Die getal het gegroei tot 289 lede met Nguni-kuddes in 2015. Tans in 2017 verskyn daar 250 telers op die ledelys. Dit is 'n betekenisvolle aantal kuddes. In Tabel 1 verskyn Nguni getalle ook by die Sanga- groepering.

Dit is verder duidelik dat die aangepaste Indicus-, Sanga- en Komposiete rasse toegeneem het van 41% in 1980 na 56% in 2015. Indien aardverwarming 'n langtermyn werklikheid en nie 'n politieke speelbal is nie, sal hierdie groep rasse 'n groter wordende deel van die bedryf vorm.

Die rassamestelling volgens persentasie geregistreerde koeie word in Tabel 2 gegee. Die Nguni word as ras gelys en word ook bygetel by die Sanga-rastipe.

Tabel 2: Ras-samestelling volgens persentasie geregistreerde vroulike diere

	PERSENTASIE VROULIKE DIERE					
RASTIPE	1980	1990	2000	2010	2015	Kudde grootte
Nguni	1	2	4	11	8	125
Indicus	16	17	13	14	18	88
Sanga	15	9	9	14	12	132
Komposiete	35	51	52	53	56	192
Brits	14	8	9	7	8	85
Maervleis	19	15	17	12	12	83
TOTAAL	177424	278249	248674	276169	421617	131

Bron: Breedplan, LNR, Stamboek Jaarverslae

In Tabel 2 verskyn die Nguni ook by die Sanga groepering. Die kudde-grootte van die Nguni volgens geregistreerde vroulike diere in 2010 was 79 koeie per kudde. In 2015 was die getal kuddes 289, met 'n gemiddelde kudde-grootte van 125 koeie.

Die komposiete of saamgestelde groep rasse toon vanaf 2010 die mees betekenisvolle groei met 'n totaal van 80 628 (35%) vroulike diere na 'n totaal van 227 565 (56%) in 2015.

Gedurende 1980 was die Britse en maervleis groepering 33% van die Stoetbedryf. Gedurende 2015 was 20% van die Stoetbedryf verteenwoordigend van hierdie twee groepe. Die Stoetbedryf verskuif dus stelselmatig na die meer veld-aangepaste rasse wat steeds in die verskillende produksiestelsels 'n bydrae lewer. Indien die uitvoermark van gehalte vleissnitte 'n groter werklikheid word, sal dit die rassamestelling verder beïnvloed.

PRODUKSIESTELSELS

Die produksiestelsels in Afrika en die meeste ekstensiewe oorsese lande berus hoofsaaklik op osproduksie vanaf natuurlike of aangeplante weidings.

In die suidelike halfrond met 300 miljoen vleisbeeste is dit slegs Australië en Suid-Afrika wat 'n stewige voerkraal-produksiestelsel het. Brasilië het 'n voerkraal-bedryf wat stadig uitbrei, maar meeste beeste word vanaf hulle aangeplante weidings bemark. Die vleiskwaliteit is egter nie vergelykbaar met dié van Argentinië nie.

Die Suid-Afrikaanse vleisbeesbedryf het twee belangrike stelsels wat mekaar komplimenteer. Dit is die speenkalfproduksiestelsel wat hoofsaaklik bulletjies met speenouderdom aan die voerkrale voorsien. Hierdie stelsel het die voordeel van 'n vinniger omset en meer koeie wat op die veld aangehou kan word.

Dit het 'n betekenisvolle invloed sedert die sestiger jare op die rassamestelling gehad, omdat sekere rasse na speenouderdom beter presteer in 'n voerkraal-omgewing.

DIE SPEENKALFPRODUKSIESTELSEL (SKP)

Die koms van die voerkraalbedryf in die 1960's het die SKP 'n prominente plek in die kommersiële bedryf gegee. Hierdie teelkuddes gedy onder ekstensiewe weiveld-toestande.

Aanpasbaarheid speel dus 'n belangrike rol soos die verskuiwing van rastipes in Tabel 1 en 2 aandui, met die klem veral op reproduksie, melkproduksie, groeivermoë en temperament.

Die meeste koeie in kommersiële kuddes is kruisgeteel met 'n gemiddelde gewig van 475kg by speen-ouderdom en 'n medium raamgrootte, met 'n voordelige groei-tempo, voerkraal-aanpasbaarheid en voeromset-vermoë wat die voerkraalbedryf vereis.

KAN DIE NGUNI IN SO 'N STELSEL PAS?

Die Nguni-koei weeg nader aan 400kg met voordelige aanpasbaarheids-eienskappe, 'n voordelige reproduksie-tempo en goeie moeder-eienskappe wat dus as moederlyn doeltreffend in hierdie stelsels kan inpas. Die laer volwasse gewig beteken die koeie het minder kos nodig en dus 'n laer onderhoudsbehoefte, kalfgemaklikheid (selfs van groter ras bulle) en meer koeie kan per oppervlakte aangehou word.

Die Nguni kan dus 'n belangrike rol speel as moederlyn in terminale kruisteling, waar al die nageslag met speenouderdom verkoop of self afgerond word.

Bulle van 'n ras met bespiering en groeikrag kan as terminaalbul gebruik word. Terminaal beteken al sy bul- en vers-nageslag word verkoop en afgerond. Met meerbul-parings kan Nguni-bulle deel van die teelkudde uitmaak om Nguni-vervangingsverse te teel.

Die bedryf sal hierdie stelsel aanneem as dit toegepas en die produksie en ekonomiese voordele daarvan gedokumenteer en gedemonstreer word. **Kommersiële Nguni-telers wat diere weeg en ekonomiese syfers beskikbaar stel, sal vir die genootskap en die bemarking van die ras baie beteken.**

Die LNR-proewe by Groblersdal het getoon dat Charolais kruiskalwers slegs 34kg by geboorte geweeg het – die Nguni-koei het die vermoë om geboortegewig te beperk – en 232kg by speenouderdom, teenoor die Nguni se 193kg (20% voordeel). Voerkraalgroei was 1652g vir die kruiskalwers teenoor 1121g vir die Nguni (47.4% voordeel) en voeromsetverhouding van 6.36 teenoor 7.45 (17% voordeel). Hier is kwaliteit vleis bykomend beskikbaar sodat die voerkrale sulke kalwers sal opraap vir die uitvoermark.

VOERKRAAL-PRODUKSIESTELSEL

Suid-Afrika beskik oor 'n stewige voerkraal-produksiestelsel. Daar is 60 kommersiële voerkrale wat 'n kapasiteit van 420 000 diere en 'n jaarlikse deurvloei van 1.5miljoen diere het, met 'n omset van R10.7 biljoen. (Dave Ford, 2010). Die intensiewe afronding van beeste lewer beslis die grootste vermenigvuldiging van vleisproduksie binne 'n kort tydperk per sitting van sowat 110 dae. Volgens verslae kom sowat 80% van hoë gehalte vleis uit voerkrale. Voerkrale bespoedig die omset van diere deur speenkalwers van die plase weg te neem en binne 'n kort tydperk af te rond.

Beesgetalle het die afgelope 25 jaar op sowat 13 miljoen te staan gekom met die bevolking wat gegroei het van sowat 35 miljoen na die huidige sowat 55 miljoen. Dit beteken dat die produksie van beesvleis geïntensiveer moet word om aan 'n groeiende aanvraag te voldoen. Wild het tans 'n groter aanspraak op die natuurlike weiding as beeste. Gedurende 1960 was 600 000 wilde diere in Suid Afrika teenwoordig. Die getalle het toegeneem na sowat 20 miljoen wat heelwat meer as die 13 miljoen beeste is. Sal wild weer plek maak vir die produksie van vleis vanaf die veld? Dit is te betwyfel. Die bemarking van wildsvleis behalwe biltong en droë wors is nie sigbaar nie.

Die Nguni pas nie in by 'n intensiewe afrondings-produksiestelsel vanaf speenouderdom nie. Moontlik sal die Nguni as 'long weaners' beter presteer, omdat die raam ontwikkel het en meer plek beskikbaar is om vleis aan te pak.

Sekere kommersiële voerkrale het slagfasiliteite beskikbaar en begin toenemend die gesogte snitte van die karkas uitvoer om die voordeel van die wisselkoers-verskille gebruik te maak. Dit is slegs sekere rasse en kruise met goeie kwaliteit vleis wat voorkeur in so 'n stelsel vind. Die Nguni met die korrekte ras-kruise sal goeie kwaliteit vleis produseer en sal in so 'n stelsel aanvaarding vind.

"DON'T WAIT FOR OPPORTUNITY, CREATE IT

Indien die Nguni en sy kommersiële telers 'n eie voerkraal kan oprig met innames wanneer dit gepas is, asook 'n korrekte rantsoen en goeie bemarkingskanaal, kan 'n stewige vastrap-plek in die produksieketting gevind word.

VELD-PRODUKSIESTELSEL

Beesvleis vanaf die veld geproduseer is in 'n mate vir menslike gebruik 'n gesonder opsie. Sulke vleis het gesonder omega 3- en 6-vetsure. Die werklike voordeel is dat die vleis smaakliker is. In Argentinië word jong beeste, wat meestal Angus en Hereford of hulle kruisings is, direk van die veld bemark. Die vleis is sag en sappig met 'n heerlike vleis-smaak. 'n Mens wil elke dag sulke vleis eet. Dit is die geheim van smaakvolle vleis. **Dit is met sulke vleis wat die hart van die verbruiker gewen word. Die Nguni het smaaklike, kwaliteit vleis. Dit is 'n opsie wat Nguni-telers kan ondersoek.**

In sekere dele van *Brasilië* word speenkalwers vanaf aangeplante weidings onder 'n spilpunt afgerond en bemark. Hulle sal 300 speenkalwers op 100 ha met 'n spilpunt en lekke elke 90 – 120 dae afrond. In 'n relatief waterskaars land soos Suid-Afrika is so 'n opsie dalk nie moontlik nie.

In *Namibië* word beeste vanaf die veld vir die uitvoermark afgerond op 27 – 36 maande ouderdom en deur MEATCO geslag en bemark. Sowat 150 000 hoofsaaklik kruisgeteelde osse word jaarliks bemark. Plase wes van die Windhoek-Otjiwarongo teerpad word gebruik om beeste op die veld af te rond. Dit is 'n laer reënval-area met goeie gehalte soetveld. Oos van hierdie padgrens word kuddes aangehou vir die produksie van speenkalwers. Die beste snitte word na Europa uitgevoer. Soveel as 50% van die vleis word na Suid-Afrika uitgevoer. Woolworths maak gebruik hiervan om goeie gehalte vleis, vanaf die veld geproduseer, te verkoop.

Dit sal goeie beleid vir Nguni-telers wees om bulletjies op die veld of op 'n hoë ruvoer-rantsoen aan 'n groeitoets te onderwerp en die swakker groeiers en presteerders te slag.

Voeg ultrasoniese skandering by om die onderhuidse vet, marmering en oogspier oppervlakte te bepaal. Dit sal genotipes identifiseer wat goed groei op goeie ruvoer-rantsoene of veld en wat 'n beter spier-tot-been verhouding het. Variasie is teenwoordig. **Ontgin dit en gebruik die verskil om die ras op 'n ander vlak te plaas sonder om die gesogte eienskappe van die Nguni te benadeel.**

OPSOMMING

Suid-Afrika het nie die beesgetalle om genoeg beesvleis vir 'n groeiende bevolking te produseer nie. Wildboerdery beset vandag 'n groot deel van die natuurlike weidings (85% in Limpopo-provinsie byvoorbeeld) sodat die produksie van beesvleis 'n meer intensiewe benadering moet volg met sinvolle kruisteelstelsels om meer vleis te produseer. Verskillende bykomende produksiestelsels moet dus ondersoek word sodat meer koeie op die veld aangehou kan word met veral die bulletjies wat met verskillende, gepaste produksiestelsels afgerond kan word. Ondersoek die moontlikheid om 'n rolspeler in die **beesvleis-wêreldmark** te wees ten einde die wisselkoers-voordeel te benut met die uitvoer van gesogte Nguni-snitte.


Onderberg Nguni Stoet
RADLEY
LANDGOED
Henning Radley
082 388 3642
(013) 790 0466
henning@radleylg.co.za

MANYENYEZA
NGUNIS
Inkanku
Intulo Elufipha
Inkonekazi Elufipha
Traditional
Breed
Umhlakuva and Inkanku
BOSTON-KZN
THE DUNGAY TRUST, P.O. BOX 644 UMZINTO
Barry Cole (Owner) 082 600 5628, Email: 1dungay1@scottburgh.co.za
Felicity Smith (Manager) 072 620 4438, Email: fillypip@yahoo.co.uk
We are situated at the base of the NHLOSANI Mountain range Boston/ Dargle area in the Midlands KZN

DIE KARKAS- EN VLEISKWALITEITE VAN DIE NGUNI

PE Strydom, Navorsingspanbestuurder: Vleiskunde, LNR Diereproduksie-Instituut, Privaatsak X2, Irene, 0062, E-pos: pstrydom@arc.agric.za

OPSOMMING

Vandag word landbou - en meer spesifiek die vee-bedryf - uitgedaag om meer voedsel met minder hulpbronne aan 'n groeiende wêreldbevolking te verskaf, sonder om kwaliteit in te boet. Die Nguni is alombekend vir hoë vrugbaarheid, kort interkalf-periodes, gemak van kalwing, koei-doeltreffendheid (kg kalf per kg koei), aanpasbaarheid by of beter benutting van swak weiding en bosluisweerstandbiedendheid.

In die primêre deel van die waardeketting presteer die Nguni dus uitstekend met betrekking tot genoemde uitdagings. Suid-Afrikaanse beesvleis-produksie leun egter swaar op afronding van diere in die voerkraal. Die ekonomiese struktuur van hierdie bedryf dikteer dat laat-volwasse rasse wat groot karkasse by mark-klaarheid kan produseer, meer populêr is as vroeg-volwasse rasse soos die Nguni.

Ons bespreking dui egter daarop dat die laer karkasmassa van die Nguni voordele kan inhou met betrekking tot vleiskwaliteit en die omskakeling van spier na vleis. Dis omdat sulke karkasse meer effektief afkoel. Verder kan dit met vertroue genoem word dat indien die regte stappe in plek is voor, tydens en na slagting (soos met enige vleisproduksie-stelsel), **die Nguni se vleiskwaliteit uitstekend vergelyk met enige Europese of Britse beesras.**

INLEIDING

Doeltreffendheid in die landbou is toenemend onder druk om verskeie redes. Aan die een kant is die eksponensiële groei in die wêreldbevolking na 'n geraamde 8.9 biljoen teen 2050. Tesame daarmee is daar 'n groeiende vraag na veral dier-proteïen in die opkomende middelklas. Vleisproduksie het alreeds verdriedubbel in die afgelope 50 jaar, terwyl die verwagte vraag in ontwikkelende lande teen 2030 met 32% en in ontwikkelde lande met 14% sal toeneem.

In teenstelling hiermee word landbou - en veral diereproduksie - uitgesonder as die sondebok ten opsigte van die toename in skadelike gasse in die atmosfeer (die sogenaamde kweekhuisgasse of KHG, ook vertaal as die koolstofvoetspoor). Beesvleis dra by tot 41% van die dieresektor se 7.1 Gigaton KHG per jaar. Navorsing in die landbou en veral die dieresektor fokus dus daarop om deur verbeterde genetika, voeding, dieregesondheid en reproduksie die KHG te verminder.

Om die situasie verder te kompliseer word toenemend gevra wat die verbruiker wil hê. Ten opsigte van vleis staan produkveiligheid en eetgenot bo aan die lys.

Die meeste skakels in die vleisbees-waardeketting fokus op produksie-doeltreffendheid en opbrengs, maar minder op kwaliteit. Vyf-en-sewentig persent van Suid-Afrikaanse beesvleis (1.3 miljoen karkasse) word deur voerkrale geproduseer, terwyl 'n groot persentasie van diere wat van die veld afkomstig is, pruldiere is (C-klas).

KARKASMASSA EN KWALITEIT

Daar bestaan oor jare 'n wêreldwye tendens waar na diere of produksiestelsels gemik word wat swaarder karkasse produseer. Suid-Afrika is geen uitsondering nie en statistiek toon dat die gemiddelde karkasgewig van voerkraaldiere met 60 kg (210 – 270) gestyg het sedert 1993. Dis as gevolg van verbeterde voerformulerings, groeibevorderaars en genetiese vordering en/of raskeuses. **Terwyl groot karkasse voordele ten opsigte van produksie- en prosesseringsdoeltreffendheid inhou, word toenemend probleme ondervind met vleiskwaliteit by sulke groot karkasse as gevolg van verkoelingsprobleme.**

Vleis se hitte-geleidingsvermoë is soortgelyk aan dié van hout, wat baie laag is. Dit is uiters noodsaaklik dat die verkoelingsprofiel (tempo waarteen temperatuur daal) van 'n karkas in pas is met die tempo van omskakeling van spier (karkas direk nadoods), ook genoem rigor mortis. Hierdie proses gaan gepaard met die omskakeling van spier-energie (glikogeen) na melksuur as gevolg van die afwesigheid van suurstof en neem tussen 8 en 14 ure, afhangende van ander prosesse soos elektriese stimulering. Die proses begin derhalwe as spier en eindig met vleis. **Indien die omskakeling-proses nie gepaard gaan met beheerde temperatuur-verandering nie en verkoeling vind te stadig plaas, word spierproteïene beskadig, wat verlies aan kwaliteit meebring. Sigbare tekens hiervan is oormatige drup-verlies (vleissappe in verpakking) en droë vleis; swak kleurontwikkeling (bleek vleis); en taai vleis (onvolledige veroudering). Die kombinasie van vleis se swak hitte-geleiding en groter wordende karkasse veroorsaak dat verkoelingsisteme se kapasiteit om vleis vinnig genoeg af te koel, beperk is. Swak vleiskwaliteit is dus die voorland indien aanpassings nie gemaak word nie.**

Oormatige drupverlies as gevolg van ongunstige toestande met die omskakeling van spier na vleis.

Waar pas die Nguni-bees by hierdie uitdagings in? Die Nguni is 'n vroeg-volwasse ras en derhalwe is die kanse vir uitermatige groot markklaar-karkasse onwaarskynlik. Dit op sig self hou dus voordele in en ander aanpassings hoef nie gemaak te word om kwaliteit te handhaaf nie. Met groter wordende karkasse moet gekyk word na meer riskante prosessering, soos warm-ontbening van karkasse (ontbening binne ure na slagting) sodat individuele snitte verkoel kan word. Hierdie prosesse hou risiko's van vertaaiing, verkleuring en probleme met higiëne en raklewe in.

Nadat die klaarblyklike nadele van te swaar karkasse uitgewys is, moet dit ook net benadruk word dat daar perke aan die ander kant van die skaal ook is. **Die handel beskou karkasse ligter as 180 kg as minder doeltreffend om te prosesseer en sulke karkasse mag ook probleme veroorsaak met porsiegoottte van veral die braaisnitte soos lendeskyf en fillet. Verder beskou voerkrale baie ligte speenkalwers as diere wat moeilik aanpas en nie gewenste winste voortbring nie. Laastens kan ligte karkasse ook die risiko van vertaaiing staan as gevolg van te vinnige verkoeling en gevolglike koelkrimping.** 'n Goeie balans is dus die wagwoord.

VLEISKWALITEIT

Daar word dikwels aanvaar dat vleiskwaliteit, veral sagtheid, slegs deur ras of genetika bepaal word. In werklikheid dra ras egter relatief min by tot vleiskwaliteit. Dit is in werklikheid slegs een belangrike skakel in die ketting van opeenvolgende prosesse of faktore wat kwaliteit beïnvloed. Faktore soos ouderdom, groeistimulante, voorslag-spanning, slagprosesse (soos verkoeling en elektriese stimulering) en veroudering dra dikwels proporsioneel meer by tot kwaliteit as genetika.

Indien genoemde faktore egter goed gekontroleer word, sal rasverskille sowel as binne-rasverskille tog 'n rol speel by finale eet-kwaliteit.

Deeglike navorsing oor jare het getoon dat daar ten opsigte van vleissagtheid hoofsaaklik tussen *Bos indicus* en *Bos taurus* tipes onderskei kan word. Die vleis van *Bos indicus*-rasse (Brahman en kruise) is normaalweg taaier in verhouding tot die hoeveelheid Brahman in die kruising (indien daar na kruise verwys word). **Inheemse rasse, soos die Nguni, was dikwels in die verlede verkeerdelik as *Bos indicus* beskou,** meestal omdat hierdie rasse ook prominete skowwe en tipiese bouvorms vertoon. Genetiese merkers dui egter duidelike verskille in die genetiese samestelling van inheemse Suider-Afrikaanse beesrasse aan. Hierdie studies verklaar dat genoemde rasse nader aan *Bos taurus* as aan *Bos indicus* verwant is en daarom die wetenskaplike naam *Bos taurus aficanus* gekry het.

Die studie van Strydom *et al.* (2001) het getoon dat die lendesnit van Nguni-, Afrikaner-, Bonsmara-, Pinzgauer- en Braunvieh-bulle sagter was as dié van die *Bos indicus* verwante ras, die Santa Gertrudis

Tabel 1: Warner Bratzler-skeurkrag (WBSF) en histologiese spier-eienskappe van die lendespier (*m. longissimus thoracis*) van drie inheemse Suid-Afrikaanse en drie uitheemse vleisbeesrasse (Strydom *et al.*, 2000)

	Bonsmara	Afrikaner	Nguni	Santa Gertrudis	Braunvieh	Pinzgauer
WBSF (N/25mm ϕ)	92	96	91	116	93	102
MFI 7 dae *post-mortem*[a]	108	129	136	111	96	
Witspier-veseldeursnee (μm^2)	5690	6241	5130	9401	8578	
Witspiervesel-verhouding[b] (%)	40	35	36	44	36	

[a] *Myofibril-fragmentasie indeks*
[b] *Verhouding relatief tot totale vesels: wit, intermedier en rooi* %

Vleissagtheid kan gemeet word d.m.v. 'n proe-paneel (opgeleide paneel of verbruikers) of 'n meganiese meetinstrument soos die **Warner Bratzler-skeurtoestel.** Hierdie toestel simuleer die byt-aksie van die verbruiker en meet die weerstand in kg of Newton (N) waarteen die lem deur 'n gaar vleismonster van standaard afmetings skeur.

Hierdie mates is internasionaal vasgestel en silindriese monsters met 12.5 of 25 mm deursnee word gebruik. Laer waardes sal sagter vleis voorstel en hoër waardes taaier vleis.

Hoewel daar geen direkte verband tussen hierdie metings en die aanvaarbaarheid van sagtheid deur die algemene Suid-Afrikaanse verbruiker bestaan nie, het toetse in die VSA getoon dat waardes van 3.9 kg (vir 25 mm monsters) aanvaarbaar sal wees vir restaurant verbruikers terwyl 4.6 kg vir die alledaagse verbruiker ("good every day") aanvaarbaar sal wees. Die studie van Strydom et al. (2008) het getoon dat Nguni en ander inheemse rasse se lendesnit sagter was as dié van Brahman, ongeag hoe lank die vleis verouder was - 2 of 21 dae.

Tabel 2: Warner Bratzler-skeurkrag (WBSF; 25 mm deursnee) en geselekteerde biochemiese eienskappe van die lendespier (m. *longissimus*) van verskillende Suider Afrikaanse inheemse beesrasse en die Brahman (Strydom *et al.*, 2008).

	Bonsmara	Brahman	Drakensberger	Nguni	Tuli
WBSF dag 2 na slagting (kg)	5.2	6.5	5.2	6.1	5.5
WBSF dag 21 na slagting (kg)	3.5	4.5	3.4	4.1	3.8
Kalpastatien: μ-Kalpaien verhouding[1]	4.6	7.7	5.3	5.2	6.0
Hitte-onstabiele kollageen (%)	21	20	23	223	23

[1] laer verhoudings dui op hoër vermoë om te verouder/versag

'n Soortgelyke studie het ook gevind dat lendesnitte van inheemse rasse soos Nguni, Afrikaner en Bonsmara net so sag was en teen dieselfde tempo verouder het as Hereford, terwyl lendesnitte van Brahman en Simmentaler diere aanvanklik taaier was en taaier gebly het, selfs na 21 dae veroudering (Frylinck en Heinze, 2003)



Figuur 1. Invloed van verouderingsperiode (rypmaking) op Warner Bratzler-skeurkrag van lendesnit (*m. Longissimus*) van Suid-Afrikaanse inheemse en uitheemse vleisbeesrasse (Frylinck & Heinze, 2003).

In al drie genoemdes studies is gevind dat die verouderingsvermoë van die Nguni vleis, asook ander rasse met soortgelyke metings, beter was as die van die rasse met *indicus* invloed.

Die proses van vleisversagting: Vleissagtheid wat nadoods tydens veroudering verbeter is hoofsaaklik te danke aan die aksies van **inherente vleisensieme,** genaamd **kalpaïene. Hierdie ensieme breek die struktuur van die vleis langsamerhand af totdat maksimum sagtheid tussen 21 tot 28 dae verkry word.** Daar is ook 'n sogenaamde teen-ensiem of 'n blokker wat die aksie van kalpaïen teenwerk, genaamd kalpastatien. Dit blyk dat die aktiwiteit van kalpastatien in indicus-tipe rasse hoër is as in *taurus*-rasse, soos aangedui deur die hoër verhoudings van kalpastatien teenoor kalpaien in Tabel 2 en Fig 2 vir twee van die studies.



Figuur 2. Kalpastatien/kalpaïen verhouding van die lendesnit (*m. Longissimus*) van Bonsmara-, Nguni- en Hereford-osse op 1 en 24 uur na slagting (Frylinck & Heinze, 2003).

In die 2001 studie is MFI gebruik om die hoeveelheid degradering van die spiervesel (dus veroudering) aan te dui. Hoër MFI (miofibrilêre fragmentasie indeks) dui aan dat meer van die spier afgebreek is deur ensieme (korter veselfragmente vorm). In ooreenstemming met die sagter vleis van al die rasse, met uitsondering die Santa Gertrudis (*indicus* tipe), is hoër MFI waardes ook gevind.

Verder is ook gevind dat **Nguni minder witspiervesels en ook kleiner vesels vertoon het in vergelyking met die Santa Gertrudis.** Spier (uiteindelik vleis) bestaan uit verskillende verhoudings spiervesel-tipes, naamlik wit, intermediêr en rooi vesels. Vorige navorsing het getoon dat groter vesels en meer wit vesels gepaard gaan met taaier vleis.

'n Derde faktor wat ook tot vleissagtheid kan bydra is die aard en hoeveelheid van bindweefsel (kollageen) in die spier. Bindweefsel is die raamwerk wat die spier intakt hou en hoe meer bindweefsel in die spier is, hoe taaier sal die snit wees (vergelyk fillet en skenkel). Die aard van die bindweefsel beïnvloed ook vleissagtheid. Ouer diere en diere van sekere rasse se bindweefsel is meer hitte-stabiel en derhalwe is langer blootstelling aan hitte tydens gaarmaak nodig om die vleissagtheid te verbeter. Volgens die resultate van die 2008 studie, was die kollageen oplosbaarheid van die Brahman laer as die van die Nguni en ander rasse. Hierdie eienskap het dus ook bygedra tot taaier vleis van die Brahman.

Tabel 3: Kleur-komponente van lendespier (*m. longissimus*) van Brahman, Simmental en Nguni-kruise (Strydom & Frylinck, 2005).

	Brahman	Nguni	Simmentaler
Kleur[a]:			
*L – lig/donker	39	37	38
Chroma	18	16	18

[a] Kleur: *L lig/donker-indeks, waar 0 swart sal wees en 100 wit sal wees; Chroma dui die tipiese rooi kleur van vleis aan, waar >20 tipiese kersie-rooi sal aantoon terwyl waardes onder 20 dowwer en toenemend grys kleur aandui.

Die effek van ander faktore soos voeding, ouderdom, spanning voor slagting en slagprosedure is voorheen genoem. Dit moet ook beklemtoon word dat hierdie faktore interaktief kan inwerk op finale produk-kwaliteit. Hoewel daar geen navorsingsresultate is waarin Nguni betrokke was nie, moet die **belangrikheid van bv. elektriese stimulering in die abattoir beklemtoon word.** Elektriese stimulering behels die geleiding van 'n elektriese stroom van 'n spesifieke aard deur die karkas nadat die karkas uitgebloei is. Hierdie proses versnel die omskakeling van spier na vleis (normaalweg ongeveer oor 24 uur) en kan die tempo van veroudering verhoog.

Moderne verkoelingstegnologie in abattoirs kan vleisvertaaiing veroorsaak indien karkasse relatief lig (klein) en/of maer is. **Indien die omskakeling van spier na vleis by te lae temperature plaasvind, verkort (vertaai die spier) onomkeerbaar. Kleiner karkasse van Nguni's is dus meer vatbaar vir sulke toestande. Omdat elektriese stimulering die omskakeling van spier na vleis versnel, sal dit vertaaiing voorkom en derhalwe is korrekte elektriese stimulering by die slagting van Nguni-beeste van uiterste belang.**

Spanning voor slagting, soos byvoorbeeld veroorsaak deur lang tye van voer-onttrekking mag ook 'n effek op vleiskwaliteit hê. Langer periodes van voeronttrekking veroorsaak oormatige dreinering van spier-energie wat die omskakeling van spier na vleis beïnvloed. Die manier waarop diere op sulke spanning reageer kan deur spier pH (suurheidsgraad van spier) bepaal word.

Die studie van Strydom en Frylinck (2005) het gevind dat die pH van Nguni-diere hoër was as dié van Simmentaler en Brahman indien die diere 24 uur voor slagting van voer onttrek was, in vergelyking met 'n 3 uur periode van voeronttrekking



Figuur 3: Interaksie tussen ras en voerontrekkingsperiode op finale spier pH

Die hoë pH het aanleiding gegee tot donkerder vleis, soos gemeet deur middel van 'n kleurmeet-instrument. Die L* waarde in Tabel 3 dui die lig-donker kontras aan wat die verbruiker sal raaksien en laer waardes dui donkerder vleis aan.

Tabel 4: Warner Bratzler-skeurkrag (WBSF; 12.5 mm deursnee) en geselekteerde biochemiese eienskappe van die lendespier (*m. longissimus*) van Charolais en Charolais x Nguni-bulle

	Charolais	Charolais x Nguni
WBSF dag 2 na slagting (kg)	5.1	5.3
WBSF dag 21 na slagting (kg)	3.0	2.9
Hitte-onstabiele kollageen (%)	37	20
Kalpastatien: μ-Kalpaïen verhouding	3.2	2.0
Vleis-kleur:		
*L – lig/donker	41.2	39.9
Chroma	17.1	17.2

Kleur: *L lig/donker-indeks, waar 0 swart sal wees en 100 wit sal wees; Chroma dui die tipiese rooi kleur van vleis aan, waar >20 tipiese kersie-rooi sal aantoon terwyl waardes onder 20 dowwer en toenemend grys kleur aandui.

DIT IS DUS BAIE BELANGRIK DAT DIE HANTERING VAN NGUNI (EN ENIGE ANDER DIER) VÓÓR SLAGTING AANDAG GENIET.

Die chroma-waardes dui die tipiese kleur van vleis aan en hoër waardes sal aandui dat die vleis nader aan die tipiese kersierooi kleur van vleis op die rak is (>20). **Volgens die resultate was die vleis van Nguni dus donkerder en minder helder rooi.** Dit mag die verbruiker se voorkeur by die winkelrak beïnvloed, aangesien verbruikers meestal teenoor atipiese kleur diskrimineer. **Dit is dus baie belangrik dat die hantering van Nguni (en enige ander dier) vóór slagting aandag geniet.** Hierdie hantering sluit voeronttrekking in, soos aangedui, maar ook die vervoer (afstande, vragkapasiteit, manier van bestuur) en hantering van diere voor slagting. **Weersomstandighede, temperament, tipe voer en die gebruik van groei-bevorderaars kan ook 'n invloed op spanning uitoefen en mees belangrik is die feit dat al hierdie faktore interaktief op die toestand van die dier vóór slagting kan inwerk.**

Swak kleurontwikkeling ("two-toning") as gevolg van ongunstige toestande met die omskakeling van spier na vleis.

Kruisteling met laat-volwasse vleisrasbulle en vroeg-volwasse vleisraskoeie word allerweë beskou as 'n metode om koeikudde-doeltreffendheid te verhoog. Koeikudde-doeltreffendheid, gemeet as die verhouding van speenkalfgewig tot koeigewig, is 57.2 wanneer Charolais-bulle met Nguni-koeie gekruis word. Dit vergelyk gunstig met die 49.3 vir die suiwer Nguni, terwyl die nasionale gemiddelde 43.8 is. In 2013 het die LNR die Charolais x Nguni-kruiskalf in 'n voerkraal-produksiestelsel getoets. (Tabel 4) Die vleissagtheid van die kruiskalf het goed vergelyk met dié van die suiwer Charolais-bul, ten spyte daarvan dat die die kruiskalf minder hitte-onstabiele kollageen gehad het en ook meer kalpastatien: kalpaiën gehad het. Hierdie twee metings is egter nie eksakte metings van sagtheid nie. Ten opsigte van kleur was die kleur/donker verhouding en die chroma (soos voorheen verduidelik) ongeveer dieselfde vir die twee groepe en dui op goeie kleurontwikkeling.

Die belangrike punt om hier in ag te neem is dat suiwer Charolais-koeie waarskynlik nie dieselfde moeder-eienskappe as die Nguni-koei in die meeste van Suid-Afrika se klimaatstreke sal handhaaf nie en nie dieselfde koei-doeltreffendheid sal behaal nie.

BRONNELYS

Frylinck, L., & Heinze, P.H. (2003). Evaluation of meat tenderness of indigenous 589 South African and other beef breeds. In Consistency of quality. Proceedings of the 590 11th international meat symposium, 29–30 January 2003, Centurion, South Africa 591 (pp. 3–13).
Strydom PE, Naudé RT, Scholtz, MM, Van Wyk JB (2000) Characterisation of indigenous cattle breeds in relation to meat quality traits. Meat Science, 55, 79-88.

Strydom, P. E., Frylinck, L, Van der Westhuizen, J. & Burrow H. M. (2008) Growth performance, feed efficiency and carcass and meat quality of tropically adapted breed types from different farming systems in South Africa. Australian Journal of Experimental Agriculture, In Press.

Strydom, P. E. & Frylinck, L. (2005) The effect of genotype, duration of feed withdrawal and electrical stimulation on meat quality. In Proceedings of the 51st International Congress of Meat Science and Technology (pp. 1745-1750), 7-12 August, Baltimore, Maryland, USA.

Dlamini
Agri Holdings

Registered Nguni Stud
Louis Trichardt


George LEB8-506

Hartwater,
Rooiwater en
Galsiekteveld


Hans UCP8-37

Mongezi India
Johannes Joubert
Ruandie Willemse
083 604 9922
012 665 4056
cattle@dlaminiagri.co.za

BenguFarm™
now with sister modules for
Sheep, Goats, Pigs and Game

BenguFarm™ BEEF

ADVANCED BEEF CATTLE MANAGEMENT SOFTWARE

Comprehensive herd management programme - covers from mating to marketing

- Equally suitable for both commercial and stud herds
- MS Windows 10 compatible
- Afrikaans, English, Spanish and Portuguese language options
- Install on more than one computer at no additional costs
- Use for more than one herd at no additional costs
- World wide support and training
- User friendly menu, shortcuts and step-by-step Help functions
- Performance data processing according to the SA Stud Book's Beef Scheme
- Support SA Stud Book, ARC, BreedPlan, NSBA's protocol and formats
- Extensive data verification functions
- Easy electronic data sending of all animal registration and performance test data
- Logix Direct functions – easy sending and importing of Logix data
- Import weights from electronic scales
- 50+ standard and user-defined reports
- Stock registers for animals, semen, embryos, vaccines, medicines, etc.
- Backup and restore functions, incl. backup reminders
- Continuous user-driven development
- Easy updating via the internet
- Free BeefCattleTrader module to advertise animals on the internet
- Comprehensive user-defined management calendar and diary
- Sheep, Goats, Game, Pigs and Genetics modules also available – same look and feel

Now with Logix Direct communication with SA Stud Book

Endorsed by 19 SA Breeders' Societies

Afrikaner, Angus, Bonsmara, Boran, Beefmaster, Braunvieh, Charolais, Drakensberger, Gelbvieh, Hereford, Hugenoot, Nguni, Pinzgauer, Red Poll, Santa Gertrudis, Senepol, South Devon, Sussex, Tuli

Widely used

BenguFarm™ is used by hundreds of commercial and stud beef cattle farmers in 14 countries on 4 continents.

"My pa het my altyd gewaarsku teen die 'boekwerk' van stoetboerdery. **Met BenguFarm™ BEEF is hierdie frustrerende 'boekwerk' agter omskep in 'n magtige bestuursprogram.** Ek is seker dat as ek my pa kon wys hoe maklik kuddebestuur nou is, hy sou saamstem dat die **BenguFarm™ BEEF** sagteware seker die handigste stuk gereedskap op enige beesplaas is - stoet en kommersieel!"

Mnr Gerrit van Zyl, Hanzyl Bonsmaras, Dewetsdorp

BenguFarm™ BEEF is a module of

BenguFarm™
ADVANCED LIVESTOCK MANAGEMENT SOFTWARE
BEEF · GAME · SHEEP · GOATS · PIGS · GENETICS

www.**bengufarm**.co.za

Contact Leslie Bergh: Tel **+27 82 801 2026** Email **leslie.bergh@vodamail.co.za**

MAGARAMOMBE NGUNIS

Auvinus & Antoinette Martens
082 958 4293 ◆ 013 262 2685
amartens@vodamail.co.za

"It is my wish that we should promote Nguni cows as they have efficient adaptive traits rendering them suitable for the utilisation of natural veld. They are highly fertile that will give a consistent high annual calving percentage with virtually no calving difficulties. With a good milk supply and cow productivity confirms that in terms of weaner output per unit mass of cow the Nguni has no peer on natural veld. This to me is extremely important in economic terms."

Auvinus Martens

Die ongekende goeie reën en opvolg-buie, wat oor groot weivelddele voorgekom het die afgelope tweede helfte van die groeiseisoen, gaan verseker grootskaalse veldbrande die komende winter veroorsaak.

ONBEPLANDE VELDBRANDE 'n GEGEWE

– wat nou gemaak in halfdroë gebiede?

Prof Hennie Snyman
Departement Vee-,
Wild- en Weidingkunde
Universiteit van die Vrystaat
&
Dr Mias van der Westhuizen
Vrystaat Provinsiale Departement van
Landbou en Landelike Ontwikkeling,
Glen

Net soos droogtes is onbeplande brande waarmee veeboere in halfdroë gebiede moet oorleef, ook 'n gegewe in Suid-Afrika. Baie veeboere sal onbeplande veldbrande (veral na die knellende droogte) moeilik oorleef. Van die graspolle het gedeeltelik of selfs totaal afgesterf weens die rampdroogte. Die polle moet gevolglik selfs sonder enige brand die komende groeiseisoen kans gegun word om volkome te herstel. Dis noodsaaklik ten einde die normale weidingskapasiteit van die veld te kan genereer.

Veeboere moet dus daarop ingestel wees om vroegtydig voorsorgmaatreëls in plek te probeer kry vir onbeplande veldbrande. Hierdie probleem raak onverklaarbaar jaarliks net al hoe groter. Veeboere sit gewoonlik met hulle hande in hulle hare omdat hierdie onbepande wegholbrande grootskaalse weidingsverliese, ingewikkelde voervloeibepannings en finansiële probleme veroorsaak. Spyt kom altyd te laat – sorg dus dat jy voorbereid is op sulke gebeure (voor en/of na die tyd).

TREF VROEGTYDIG VOORSORG TEEN VELDBRANDE

Die bekende spreekwoord **"voorsorg is altyd beter as nasorg"** is ook van toepassing op weiveldbestuur. Dit is nie net die aanskaf van die nodige vuurbestrydingsapparaat wat belangrik is nie, maar ook die vroegtydige maak van brandpaaie ten einde produksie-verliese te voorkom. Die inskakeling by jou plaaslike brandvereniging is natuurlik ook baie belangrik ten opsigte van voorskrifte vir die maak van brandbane. Hierdie voorskrifte kan verskil tussen brandverenigings en is aan spesifieke omgewings gekoppel. Samewerking met bure is baie belangrik in die voorkoming, sowel as die bestryding van veldbrande.

Daar bestaan verskeie benaderings rondom die maak van brandpaaie, waarvan die brand van padskouers seker die ideaalste is. Dit is veral die brand van die skouers van binne- en grondpaaie wat die effektiefste is. Die ploeg of 'disk' van stroke rondom die plaas word ook algemeen toegepas.

Daar bestaan ook ander metodes, soos die gebruik van vier sinkplate wat in 'n vierkant aan mekaar vasgebout word. Die gras daarbinne word aan die brand gesteek en na uitbrand word hierdie "sinkplaat-hok" net aangeskuif ten einde 'n volle strook te brand. Hierdie tegniek staan bekend as die "Botha fire-box", want dis deur Andries Botha in die Adelaide-distrik ontwikkel.

Die spuit van stroke melasse of ander dierstimulante (sodat diere die stroke sal "skoonvreet") werk oor die algemeen nie so goed nie en word tans nie veel toegepas nie. Die nuutste is om met behulp van vuuraansteker-kapsules, wat in die nag vanuit 'n helikopter gegooi word, stroke te brand – "open ended firebreaks". Die regte doupunt word as maatstaf gebruik om te verhoed dat die vuur onnodig versprei. Geweldige groot stroke kan per nag so suksesvol gebrand word.

Dit is ongelukkig so dat sommige onbeplande veldvure gepaard gaan met stormsterkwinde wat selfs oor die teerpad kan spring. In sulke omstandighede sal voorbrande net gedeeltelik tot hulp kan wees.

Voorsorg moet natuurlik getref word dat die klimaatstoestande net reg sal wees wanneer brandpaaie aangepak word om wegholvure te vermy. Die saamspan van groepe boere om so iets uit te voer is altyd beter as om dit individueel aan te pak.

SOET- EN SUURVELD VERSKIL

Die vuurbestandheid van soet- en suurveld moet nie met mekaar verwar word nie. In die suurveld, waar reënval nie die beperkende faktor is wat plantproduksie bepaal of beïnvloed nie, word 'n meer kompakte of digter grasbedekking met kleiner en korter graspolle (hoër basale bedekking en digtheid) aangetref. Daarteenoor groei die yler, enkelstandige graspolle (laer basale bedekking en digtheid) in die droër dele. Dit is die element Kalsium (Ca) in die grond wat grootliks vir planthoogte verantwoordelik is en tot 'n groot mate, weens die hoër reënval in die suurvelddele, vanuit die grond geloog is. Hierdie groter, enkelstandige en hoër graspolle in droër weivelddele genereer 'n meer intense en warmer (gekonsentreerde) vuur per graspol, wat lei tot grootskaalse afsterwing van lote en groeipunte van polle.

Hierteenoor is die brandskade aan grasse in suurvelddele nie so intens per graspol nie en brande vorm gevolglik soms deel van bestuurspraktyke om ontslae te raak van onsmaaklike plantmateriaal. Hierdeur word die weiveld se kwaliteit weer opgradeer, teenoor die soetvelddele waar weiveld effektief benut kan word sonder om dit te brand. Rooigras staan dan ook dikwels in die hoër reënvaldele bekend as 'n vuurklimaks, wat deur brand bevoordeel word.

"Voorsorg is altyd beter as nasorg

Opsommend kan gesê word dat hoe kleiner 'n graspol, hoe minder negatief is die impak van die vuur daarop. Die groter graspolle is gevolglik hoogs kwesbaar vir afsterwing weens brand.

'n Ander aspek wat nie uit die oog verloor moet word nie, is dat die indringerplant *Seriphium plumosum*, geweldig toeneem na 'n brand in die suurder dele (Dewetsdorp en Zastron). Dié plant is ook in die volksmond bekend as slangbos, vaalbos of bankrotbos. Hierdie onbenutbare bossie het die laaste aantal jare ongekend toegeneem. Navorsing het

duidelik getoon dat brande saad-ontkieming van *S. plumosum* geweldig stimuleer. Dit sal gevolglik meebring dat chemiese beheermiddels, wat baie duur is, na die brand gebruik sal moet word om die indringerbos te beheer. Sou die beheer nie vroegtydig toegepas word nie, staar ernsige grasproduksieverliese die boere in die gesig. Dit lei natuurlik tot laer weidingkapasiteite.

IMPAK VAN BRAND OP BEIDE PLANT EN GROND

Brandnavorsing is gelukkig in die halfdroë grasveldgebiede (reënval 530 tot 650 mm) uitgevoer op die Rooigrasveld van die sentrale Vrystaat (Bloemfontein en Glen), asook die *Themeda/Cymbopogon*-veldtipe (Dewetsdorp) en Koperdraad-suurgrasveld van die suidoos Vrystaat (Zastron) oor die laaste tien jaar. Die inligting kan handig as riglyne dien vir veldherstel na so 'n brand. In hierdie navorsing is gepoog om alle plant- en grondkundige aspekte betreffende die impak wat 'n vuur, hetsy beplande of ongeluksvure, op die weiplant te kwantifiseer (Tabel 1). Hierdie waarnemings is verder deurgetrek na die onttrekkingsperiode wat gebrande veld in hierdie halfdroë dele moet ontvang ten einde weer volhoubaar te kan produseer.

Die pynlike gevoel wat die veeboer tydens 'n veldbrand beetpak, behoort ook ondervind te word wanneer hy/sy gebrande veld te gou bewei. Ekologies gesproke is dit sekerlik dié verkeerdste ding om in die ariede en semi-ariede gebiede van Suid-Afrika te doen. Dit verskuif jou weiveldprobleme net verder aan, of mag dit selfs vererger. Die veeboer in hierdie droër gebiede moet besef dat die weiplant ernstig benadeel is deur die vuur, wat 'n drastiese ontblaringsmetode is. Daarom regverdig dit goeie behandeling na die brand.

PLANTBEDEKKING

Daar is duidelik uitgewys dat 'n geweldige afname (soveel as 40%) in basale bedekking een jaar na 'n brand voorkom (Tabel 1). Selfs na twee seisoene van onttrekking van beweiding was die basale bedekking nog steeds 16 tot 18% laer as ongebrande veld in sekere dele. Die belangrikste rede vir hierdie laer basale bedekking is dat dele van die graspol (lote/groeipunt) totaal dood gebrand is deur die vuur. Dit is gewoonlik die kern van die graspol wat die grootste brandskade ondervind, waar die vuur die meeste intens is.

Die laer bedekking na 'n brand verlaag nie net die plantproduksie nie, maar bring ook mee dat waterafloop toeneem. Die hele waterbalans in die grond word nadelig beinvloed. Die grondoppervlakte is ook meer blootgestel aan die aanslae van die natuur en gevolglik verhoog gronderosie. Verder is die temperatuur en verdamping vanaf gebrande veld hoog. Effektiewe reënvalbenutting kan alleenlik optimaal geskied met 'n goeie plantbedekking.

Dit is die groot graspolle wat gewoonlik die meeste brandskade in terme van polafsterwing ondergaan. Ongelukkig is hierdie groot polle ook gewoonlik die klimaks-grasspesies, soos rooigras (*Themeda triandra*), vingergras (*Digitaria eriantha*) en terpentyngras (*Cymbopogon pospischilii*). Die grasse speel 'n belangrike rol in die dier se voeding en beïnvloed ook die veldtoestand positief.

In die Dewetsdorp-distrik was bulgras (*Pennisetum sphacelatum*) en blougras of rooivleigras (*Andropogon appendiculatus*) die grasse met die grootste polafsterwing weens brand getoon het. Onderskeidelik 53 en 49% van die polle het tussen 75 en 100% brandskade getoon het. Ook opvallend was dat pioniergrasse (minder gewenste grasspesies) soos elsgras (*Micochloa caffra*), steekgras (*Aristida congesta*) en kruipwortelsaadgras (*Tragus koelerioides*) slegs ingekom het na die brand.

Dit skets nie 'n goeie prentjie van die veld se spesie-samestelling nie (Tabel 1). Hierdie minder gewenste grasse verlaag die veldtoestand en weidingskapasiteit aansienlik.

IMPAK OP DIE GROND

Die afname in bedekking weens die brand werk ook 'n toename in grondtemperatuur en grondkompaksie in die hand. Dit gee weer aanleiding tot 'n afname in grondwater-inhoud (hoër afloop) en minder organiese materiaal in die grond. Die grondtemperatuur het byvoorbeeld die eerste jaar na die brand met 9°C toegeneem, die grondwater-inhoud was 31% laer en grondkompaksie 100% hoër in vergelyking met dié van ongebrande veld. Die gebrande veld was ook meer vatbaar vir droogtes, omdat plante baie vinniger verwelk het. Baie van hierdie negatiewe grondkundige invloede was twee jaar na die brand nog nie opgehef nie.

PLANTPRODUKSIE

Die gemiddelde droëmaterial-produksie vir die gebrande veld in die Dewetsdorp-distrik (560 mm reënval) was 940 kg/ha en die van die ongebrande veld 1 764 kg/ha, 'n jaar na die brand. Die gebrande veld het gevolglik 47% minder geproduseer na 'n volle groeiseisoen se rus. Dieselfde tendens het voorgekom waar slegs die helfte van die plantproduksie die eerste jaar na die brand genereer is op suurder veld van Zastron (650 mm reënval) en soeter grasveld te Bloemfontein (530 mm reënval) (Tabel 1).

Dit neem in al die gebiede wat ondersoek is, twee volle groeiseisoene vir gebrande veld om in te haal by nie-gebrande veld, wat plantproduksie aanbetref. Hierdie produksies is aan die einde van elke groeiseisoen bepaal waar geen beweiding plaasgevind het nie en normale reënval-toestande geheers het.

VELDTOESTAND EN WEIDINGSKAPASITEIT

Die toestand (gesondheid) van die veld is veral die eerste jaar na die brand geweldig negatief deur die brand beïnvloed (Tabel 1). Twee groeiseisoene na die brand was die weidingskapasiteit nog steeds laer as dié van nie-gebrande veld.

Opvallend was dat rooigras (*Themeda triandra*) van die gevoeligste smaaklike grasse vir brand was. Dit is juis hierdie grasspesie wat die dominante gras van die gebiede uitmaak, asook die waardevolste in terme van diereproduksie. Rooi- en terpentyngras (*Cymbopogon pospischilii*) het in gebrande veld met onderskeidelik 43 en 50% afgeneem. Ook opvallend was dat pioniergrasse (minder gewenste grasspesies) soos elsgras (*Micochloa caffra*), kruipwortelsaadgras (*Tragus koelerioides*) en eenjarige kruide ingekom het weens die brand. Die subklimaksgras, kleinvinger (*Digitaria argyrograpta*), vermeerder ook na 'n brand ten koste van rooigras. Hierdie tendens skep nie 'n goeie prentjie van die veld se spesie-samestelling nie. Hierdie veranderings verlaag die veldtoestand en weidingskapasiteit aansienlik.

Op die proefplaas Glen (net buite Bloemfontein) was die verlies in veldtoestand vier maande na brand so hoog as 40%, terwyl die veld geweldig gevoelig was vir beweiding. Weereens is dit hoofsaaklik rooigraspolle wat afgesterf het en hoofsaaklik deur kleinvingergras (*Digitaria argyrograpta*) en eenjarige kruide vervang is.

Aan die einde van die groeiseisoen was die weidingskapasiteit van veld, wat voor die brand in 'n goeie toestand was, nog steeds 22% laer as voor die brand. Veld wat voor die brand in 'n uitstekende bewaringstoestand was se verlies in weidingskapasiteit was aan die einde van die groeiseisoen slegs 7%. Die toestand waarin veld verkeer, asook die bestuur daarvan voor en na brande, is van die grootste faktore wat dus 'n rol speel by die herstelproses.

Na brande is veld besonder gevoelig vir ontblaring en daar moet teen verkeerde benuttingspraktyke gewaak word.

Veld wat voor brande 'n seisoensrus ontvang het, sal vinniger herstel as veld wat onderbenut was. Gevolglik sit die boer met swakker veld, laer weidingskapasiteit en minder diere wat aangehou kan word. Hierdie aspek beklemtoon 'n voldoende rus of ontrekkingsperiode (ten minste twee volle groeiseisoene) vir gebrande veld om ekologies ten volle te herstel.

Tabel 1: Impak van brand in soeter halfdroë weivelddele

Veldtipe, distrik, eienaar (persone betrokke) (reënval)	Impak op plantsamestelling,- bedekking en produktiwiteit	Bestuurs - benadering
Rooigrasveld van die sentrale Vrystaat, Proefpaas, Universiteit van die Vrystaat, **Bloemfontein** (Prof Hennie Snyman) (**530 mm** reënval)	37% afname in plantbedekking eerste jaar na brand, steeds 16% laer twee jaar na brand. Rooi - en terpentyngras gevoeligste vir brand (groot polle), onderskeidelik met 30 en 49% afgeneem in bedekking weens brand, eerste seisoen. Steek- en wortelsaadgras weens brand ingekom. Vinger- en terpentyngras toon meeste polafsterwing weens brand. Veldtoestand met 13% afgeneem weens brand. Groeiseisoen na die brand was plantproduksie steeds 43% laer weens brand en steeds 10% laer twee jaar na brand.	Benodig ten minste twee volle groeiseisoene se totale onttrekking van diere ten einde ekologies volkome te herstel (dormante winterperiode ingesluit).
Rooigrasveld van die sentrale Vrystaat, **Glen** Landbou-instutuut (Dr Mias van der Westhuizen en mnr Piet Goosen) (**550mm** reënval)	40% verlaging in veldtoestand 4 maande na brand. 22% laer weidingskapasiteit aan die einde van groeiseisoen. Rooigraspolle sterf af en word hoofsaaklik deur kleinvingergras en eenjarige kruide of opslag vervang.	
Themeda/ Cymbopogon veldtipe, **Dewetsdorp**, mnr Wilfred Brown (prof Hennie Snyman) (**565 mm** reënval)	38% afname in plantdigtheid weens brand, eerste seisoen na brand. Kerne van rooi- en terpentyngraspolle steeds dood 'n jaar na brand, hierdie twee spesies met onderskeidelik 43% en 50% afgeneem weens brand. Jaar na brand veldtoestand 58% vir gebrande veld, teenoor 80% vir nie-gebrande veld (weidingkapasiteit 30% laer weens brand). Jaar na brand grasproduksie steeds 47% laer weens brand.	Afhangende van opvolg reënval na brand natuurlik - wat onttrekking nog verder kan verleng.
Koperdraad-suurgrasveld Suidoos-Vrystaat, **Zastron**, wyle mnr Dirk Snyman (Prof Hennie Snyman) (**650 mm** reënval)	40% laer basale bedekking weens brand eerste seisoen na brand, twee jaar na brand steeds 18% laer. Groot rooi en terpentyngraspolle meeste polafsterwing weens brand. Twee jaar na brand plantdigtheid van terpentyn - en rooigras onderskeidelik steeds 62 en 33% laer weens brand. Vier maande na brand veldtoestand 68% vir gebrande veld, teenoor 86% nie - gebrande veld (weidingkapasiteit 24% laer weens brand). Jaar na brand grasproduksie steeds 44% laer weens bran d en steeds 5% laer twee seisoene na brand.	

Gebrande veld is gewoonlik eerste om tekens van verwelking te toon, juis weens swakker wortel-ontwikkeling en laer plantbedekking.

ONTTREKKINGSPERIODE VAN BEWEIDING NA BRAND

Vanuit 'n ekologiese grondslag gesien (wat beide die plant en grond insluit), moet weiveld in die halfdroë grasveldgebiede ten minste vir twee groeiseisoene (dormante winterperiode ingesluit) van beweiding onttrek word ten einde volhoubare produksie te verseker. Hierdie onttrekking is gegrond op totale herstel van die veld vanuit 'n ekologiese oogpunt. Die grootskaalse polafsterwings, die swakker veldtoestand en weidingskapasitet, asook die betekenisvolle laer plantproduksie, is soos reeds bespreek die maatstawwe verreken vir hierdie twee groeiseisoen-onttrekkingsperiode. Indien die reënval van die opvolg-seisoene na die brand laag en wisselvallig is, sal langer as twee jaar onttrekking geld.

Die vinniger herstel van die grasse en dus korter onttrekking wat vir die natter suurvelddele van KwaZulu Natal, Limpopo en Mpumalanga geld, moet nie verwar word met die halfdroë gebiede se plantegroei wat meer brand-sensitief is en 'n lang rus verg nie. In hierdie suurvelddele is reënval nie die beperkende omgewingsfaktor wat plantproduksie bepaal of beïnvloed nie. Daarom is daar 'n veel korter onttrekkingsperiode van diere vanaf die veld na 'n brand. In die suurvelddele word veld meesal van beweiding onttrek na 'n brand vir selfs minder as 'n groeiseisoen.

Daar bestaan selfs bestuurstelsels in hierdie suurveld waar kampe vir 'n seisoen gerus word en die volgende jaar gebrand word. Sodra voldoende beweibare materiaal beskikbaar is, word diere in 'n kamp ingejaag. Hierdie praktyk moet glad nie in halfdroë gebiede toegepas word nie. Soos reeds genoem het suurvelddele 'n kwaliteitsprobleem wat met periodieke brand reggestel kan word, terwyl die halfdroë grasvelddele 'n kwantiteits-probleem het en die veld wel effektief benut kan word sonder om dit te brand.

Daar is bevind dat indien gebrande veld in die rooigrasveld van die sentrale Vrystaat reeds in die voorjaar bewei sou word, die produksie die daaropvolgende groeiseisoen se Oktober tot April met soveel as gemiddeld 48% verlaag kan word. 'n Vollegroei-seisoensrus na die brand, opgevolg deur Oktober-beweiding het steeds 'n produksieverlies van 23% getoon. Hoe vroeër na die brand die veld weer bewei sou word, hoe groter die nadelige oordrageffek in terme van verlaagde voerproduksie.

'n Ander aspek wat ook vermelding verdien, is die impak van brand op die plante se wortels. Intensiewe wortelnavorsing het getoon dat brand grootskaalse wortelafsterwings veroorsaak. 'n Jaar na brand was die wortelmassa tot 'n diepte van 100 mm, 59% laer as by ongebrande veld. Die grasplant is 'n gebalanseerde eenheid wat beide bo- en ondergrondse plantdele insluit. 'n Graspol bestaan uit 'n versameling van lote, elk met sy eie groeipunt en wortels.

Sou 'n loot gevolglik weens brand afsterf, gaan dit ook gepaard met afsterwing van daardie loot se wortels. Die twee groeiseisoene se rus of onttrekking wat die semi-ariede weivelddele behoort te ontvang na die brand, sal gevolglik ook voorsiening maak vir wortelherstel. Gebrande veld is gewoonlik eerste om tekens van verwelking te toon, juis weens swakker wortel-ontwikkeling en laer plantbedekking.

Alhoewel brand normaalweg saadontkieming stimuleer, is die oorlewing van hierdie saailinge baie laag, veral in velde wat in 'n goeie tot uitstekende toestand verkeer. Daar kan dus nie daarop aanspraak gemaak word dat die brand goed was in terme van saad-ontkieming van die grasse nie – slegs 'n tydelike voordeel word daardeur behaal, wat vinnig weer opgehef word deur kompetisie en hoë temperature.

Iemand sou wel kon redeneer dat, indien die brand opgevolg word deur bogemiddelde reënval-jare, die lengte van die onttrekkingsperiode verkort kan word. So 'n stelling is nie waar nie, aangesien dit nie totale reënval is wat belangrik is nie, maar die seisoensverspreiding daarvan. So byvoorbeeld kan bogemiddelde reënval voorkom, maar alles in 'n bondel. Dis dan van minder waarde vir die plante.

Dit is die effektiwiteit van die reënval wat die bepalend faktor vir veldherstel is. Grasse kan nie die reënval effektief benut indien die verspreidingspatroon daarvan nie goed is nie.

In 'n geval van hoë totale reënval, maar swak verspreiding, word aanbeveel dat die volle onttrekkingsperiode, soos aanbeveel, gevolg word. Ook belangrik is dat ten spyte van goeie reënval wat mag voorkom, die lae plantbedekking weens die brand ook verantwoordelik is vir grootskaalse waterverlies (verdamping vanaf grond-oppervlak) wat nie deur plante benut kon word nie.

Die minstens twee-volle-groeiseisoene-rus wat vir halfdroë weivelddele na 'n brand aanbeveel word, is dus gegrond op die toelating van alle fisiologiese en fenologiese aspekte van die plant, asook die grondkundige komponente binne die weidings-ekosisteem om te herstel. Elke ekologiese komponent is noodsaaklik vir die volhoubaarheid en volle funksionering van die weidings-ekosisteem in hierdie droër gebiede.

GEAFFEKTEERDE AREAS

Die gebrande oppervlak is die oppervlak wat werklik gebrand het. Wanneer slegs 'n gedeelte van 'n kamp gebrand het, staan die totale kamp bekend as die geaffekteerde area.

Indien 'n gedeelte van 'n kamp afgebrand het, moet die hele kamp (geaffekteerde area) van diere onttrek word, anders gaan die diere grootliks op die gebrande deel konsentreer en dit oorbenut, wat tot ernstige veld-agteruitgang kan lei. Wat die groottes van die gebrande area binne 'n kamp moet wees vir totale onttrekking is debatteerbaar. Geaffekteerde kampe wat in die herfs, winter of vroeë lente gebrand het, kan natuurlik bewei word voordat die gebrande dele begin uitloop.

Sommige navorsers huldig die mening dat indien minder as 10% van 'n kamp gebrand het, die hele kamp wel bewei kan word en daardie deel dus opgeoffer word vir oorbeweiding. Groter as 10% moet die hele kamp rus of, indien moontlik, moet net die gebrande deel afgespan word en weerhou word van beweiding. Laasgenoemde situasie is nie altyd prakties moontlik nie en ook nie ekonomies geregverdig vir die boer nie. Die koste daaraan verbonde mag dalk ook veel hoër wees as slegs die onttrekking van die hele kamp. Later moet hierdie tydelike heinings ook weer verwyder word met veel koste daaraan verbonde. Elektriese heinings word wel vir hierdie doel suksesvol aangewend.

PRAKTIESE RIGLYNE

In die praktyk is dit egter nie altyd moontlik om gebrande veld vir twee seisoenne van beweiding te onttrek nie. Indien slegs 'n klein gedeelte van die plaas gebrand het, kan bogenoemde riglyne gevolg word. Hierdie riglyne moet beskou word vanuit 'n ekologiese oogpunt en indien dit gevolg word, sal plante die vinnigste herstel om dus volhoubaar te produseer. Hoe groter die gebrande gedeeltes op 'n plaas, hoe moeiliker raak dit om veld prakties vir twee seisoenne van beweiding te onttrek. Die boer moet dus sy veld so bestuur om die minimun skade oor die langtermyn vir hierdie halfdroë grasvelddele te beperk. **Boere kan as volg te werk gaan:**

- Herbereken weidingskapasiteit, verminder vee en beplan vir voeraankope of huurgrond. Verkoop prulle, hamels, osse en tollies en hou net jou produktiewe, kern aanteel-kudde. Lammers, kalwers en ou diere kan in 'n voerkraal afgerond en bemark word. Die persentasie jong vervangingsdiere kan ook tot die minumum beperk word.
- Geaffekteerde kampe, waarvan slegs gedeeltes gebrand het, kan direk na die brand bewei word om sodoende nie gebrande gedeeltes te benut. Hierdie benutting is van korte duur en sodra gebrande veld begin uitloop, moet die diere verwyder word.
- Na bogenoemde benutting moet gebrande veld glad nie in die lente-maande benut word nie. Diere moet ook nie op hierdie veld gevoer word nie en eerder in krale gevoer word.
- Die vroegste wat weiveld weer liggies benut kan word, is die eerste winter (dormante periode). Na hierdie benutting moet dit weer die volgende groeiseisoen onttrek word en kan dit eers weer in jaar 2 tydens die herfs en winter-maande benut word (indien voldoende herstel en afhangende van reënval).
- Indien slegs 'n gedeelte van 'n plaas afgebrand het, kan die ongebrande kampe eerder tydelik bietjie strawwer bewei word (later moet weer voldoende rus ingebou word), as wat enigsins oorweeg word om gebrande veld te gou te bewei.
- Die toepassing van 'n effektiewe weidingstelsel met voldoende rus moet verder gevolg word om sodoende die veld volkome te laat herstel.

Daggakraal Nguni

014 763 2858 **MARKEN** 083 230 2019



SORG VIR JOU WEIPLANTE

(bo- en ondergronds) en hy sorg finansieel weer vir jou

Prof Hennie Snyman, Departement Vee-, Wild- en Weidingkunde, Universiteit van die Vrystaat & **Dr Mias van der Westhuizen,** Vrystaat Provinsiale Departement van Landbou en Landelike Ontwikkeling, Glen

Stygende insetkostes, swak ekonomiese toestande asook droogtes, bring mee dat veeboere sukkel om kop bo water te hou. Weiding-navorsing dui onteenseglik daarop dat die winsgewend-heid van veeproduksie oor die langtermyn aansienlik kan verbeter deur die toepassing van die regte bestuurspraktyke wat op veldverbetering gefokus is. **Weiveld is en bly die goedkoopste voerbron vir die dier en daarom moet dit ten alle koste beskerm, bewaar en volhoubaar benut word.**

Ongeveer 65% van Suid-Afrika se weiveld ontvang minder as 500 mm reënval per jaar, waar 'n droogte meer die reël as uitsondering is. In hierdie gebiede, waar reënval die beperkende omgewingsfaktor is wat plantproduksie bepaal of beinvloed, moet dit nie net deur die regte weiplante benut word nie. Die effektiwiteit daarvan moet ook reg bestuur word. Die enigste oplossing om hierdie lae en wisselvallige reënval, waaronder groot dele van ons land die afgelope tyd gebuk gegaan het te bestuur, is deur die implimentering van 'n volhoubare veldbestuursbenadering ten einde droogte-risiko's te beperk.

In die verlede was weiveldbestuurs-beginsels grootliks gegrond op slegs die bogrondse komponente van die weiplant, terwyl die ondergrond nie die nodige aandag geniet het nie. **Die weiplant se wortelstelsel behoort in die toekoms meer as indikator van volhoubare weiveld-benutting gebruik te word.** Die regte intensiteit en frekwensie van ontblaring van weiveld is 'n aspek wat oor baie jare aandag geniet, maar nog steeds 'n debat uitlok. Dit is nie net die interaksie tussen hierdie twee aksies wat verreken moet word nie. Die veldtipe en dus die reënval wat 'n gebied ontvang, bepaal ook hoe die weiveldbestuursbenadering daar gaan uitsien.

Veral na die ernstige onlangse droogte moet boere hul nie laat flous deur die groen gras wat veral na die goeie reëns van Januarie en Februarie weelderig begin groei het nie. Dit is die "ondergrondse boerdery" in terme van wortelgroei wat die volhoubaarheid van die weiding-ekosisteem en ook sy vermoë om opvolg-stres soos opvolg-droogtes, beweiding en selfs veldbrande te kan weerstaan.

Impak van ontblaring versus droogte op wortelgroei

Rooigras (*Themeda triandra*) maak 'n baie belangrike bydrae tot diereproduksie in Suid-Afrika en daarom is 'n intensiewe studie rondom die impak van ontblaring en waterstremming (droogte) op hierdie gras uitgevoer. Die grasse wat in potte in die glashuis gevestig is, is op hoogtes van onderskeidelik 25 en 50 mm oor 'n 8 weke periode teen twee frekwensies ontblaar (weekliks en elke tweede week).

Die 25 en 50 mm hoogte van ontblaring is die laagste vreethoogte van onderskeidelik skape (lae stratum beweiers) en beeste (diep stratum beweiers). Prakties gesproke vreet skape en beeste grasse wel korter indien beskikbare plantmaterial beperkend raak. Die ander aspek wat ingedagte gehou moet word, is dat skape en beeste ook nie grasse sonder meer met die eerste benutting tot 'n spesifieke hoogte sal ontblaar nie, aangesien dit ook 'n funksie van die grasse se beskikbare blaar-oppervlakte (hoogte) is. Diere is ook verder geneig om slegs dele van polle te benut en nie die hele plant nie. Polle wat wel totaal kort benut word en stadiger hergroei, mag dalk juis die geleetheid skep dat ander rooigraspolle ook benut word.

Dit moet ook in gedagte gehou word dat daar nie slegs enkele rooigrasplante in 'n kamp voorkom nie, terwyl die situasie met hierdie studie dit simuleer asof rooigras dominant is. Onder sekere omstandighede kan beeste wel net so selektief vreet en plante ook baie kort ontblaar, soortgelyk aan die van skape. Natuurlik bestaan daar ook vele ander benuttingswyses wat weidende diere in die praktyk toepas wat ongelukkig nie in die glashuisproef nageboots kon word nie.

Na 2, 4 en 8 weke van toepassing van hierdie onderskeie frekwensies van ontblaring, is die grasse aan water-stremmings onderwerp wat ingesluit het 1, 2 en 3 weke van water-onttrekkings.

Die 3 weke is 'n nabootsing van die langste periode van geen reënval binne die groeiseisoen, soos gemiddeld oor 'n aantal jare vir die sentrale grasveldgebied (dominante rooigrasveld) aangeteken is. Die grasse is daarna uitgewas ten einde die wortelgewig vas te stel.

Hierdie behandelings simboliseer dat 'n kamp nadat dit oor 'n sekere periode (2, 4 en 8 weke) bewei was (onderskeidelik weekliks en elke tweede week ontblaar), daar 'n droogte-periode van onderskeidelik 1, 2 en 3 weke voorgekom het. 'n Droogte-periode is, soos reeds genoem, 'n normale verskynsel in die droër weivelddele van ons land. Daarom is dit belangrik dat die interaksie van 'n droogte en beweiding se impak op produktiwiteit gesamentlik beskou moet word. Die wortelgewig-afname (%) van 'n behandeling waar sekere grasse geen waterstremming oor 'n 4 weke periode ontvang het nie en onderskeidelik elke week of elke tweede week ontblaar is, is ook uitgevoer en dien as kontrole behandeling.

Alhoewel die 25 mm hoogte van ontblaring 'n effens laer wortelgewig getoon het vir al die behandelings-kombinasies, word slegs die 50 mm hoogte bespreek en grafies voorgestel, aangesien dit meer van toepassing vir benutting met bees is. Die wortelgewig-afname (%) van rooigras wat op 50 mm hoogte ontblaar is en na onderskeidelik 2, 4 en 8 weke van elke twee weke van ontblaring aan onderskeidelik 1, 2 en 3 weke van stremming onderhewig was, word in Figuur 1 en Foto 2 aangetoon.



FIGUUR 1: Wortelgewig-afname (%) van Themeda triandra elke tweede week op 50 mm hoogte ontblaar, waarna dit aan onderskeidelik 2, 4 en 8 weke van ontblarings-frekwensies aan verskillende intensiteite van waterstremmings onderwerp is (onderskeidelik 1, 2 en 3 weke). Ontblaring teen 50 mm hoogte elke tweede week, sonder enige waterstremming oor 'n 8 weke periode uitgevoer, word ook voorgestel.


2

Aangesien die weeklikse ontblaring, alhoewel laer (Foto 3), maar feitlik dieselfde tendens van wortelgewig-afname getoon het, word slegs die elke tweede week van ontblaring grafies voorgestel. Soos verwag het die langste waterstremmingsperiode die grootste impak op wortelafsterwing getoon (Foto 4 en Figuur 1), ongeag die ontblarings-frekwensie toegepas. Hoe langer die periode wat die plante ontblaar was, hoe groter die impak wat 'n droogte op wortelafsterwing het.


3


4

Volgens navorsing wat in die veld uitgevoer is, is die kanse goed dat binne 'n normale vierkampstelsel met weiperiodes van 30 dae per kamp en normale weidingsdruk, herontblaring van dieselfde graspol ongeveer elke 14 dae kan plaasvind. Indien bogenoemde beginsel van 30 dae weiperiode van toepassing gemaak word op Figuur 1, sal elke tweede week van ontblaring oor vier weke toegepas, vir die 1, 2 en 3 weke van waterstremming 'n afname van wortelgewig van onderskeidelik 22, 40 en 63% in die hand werk. Ten einde die impak van slegs waterstremming op wortelgewig-afname te kwantifiseer, moet binne 'n stremmingsweek die waardes van die stremmingsplante afgetrek word van dieselfde week se wortelgewig.

Indien slegs die impak van waterstremming/droogte vir bogenoemde situasie verreken word, is die wortelgewig-afname vir 1, 2 en 3 weke van waterstremming onderskeidelik 11, 21 en 35%, teenoor geen waterstremming plus ontblaring van onderskeidelik 11, 19 en 28%. **Die impak van waterstremming op wortelgewig-afname is dus groter as dié van slegs ontblaring en neem drasties toe met 'n verlenging in waterstremmings-periode.** Die wortelgewig-afname van die nie-gestremde plante soos op Figuur 1 waargeneem, kan toegeskryf word aan die volgehoue ontblaring se impak. Praktiese waarde vir die Nguni boer 'n Kort weiperiode in 'n kamp, indien genoeg kampe per trop beskikbaar is, blyk 'n veilige opsie vir die minste wortel-afsterwing.

'n Goed ontwikkelde en verspreide wortelstelsel is baie belangrik vir die volhoubare produksie van die smaaklike weiplant sodat dit sterk kan kompeteer vir water en voedingstowwe. Hoe korter die weiperiode hoe beter vir die produktiwiteit van die weiplant, maar dan word weer meer kampe benodig in so 'n bestuurs-benadering. Die ekonomiese regverdiging en ekologiese voordele vir baie klein kampe moet verreken word.

Genoeg en voldoende rus bly egter die sleutel tot volhoubaarheud. Met korter weiperiodes is die rustydperk ook natuurlik korter indien kampe beperkend is. Vir 'n vierkampstelsel as voorbeeld, met 'n weitydperk van 'n maand en rusperiode van 3 maande gaan dit baie meer nadelig vir die plante wees as waar die weitydperk varieer van 2 tot 3 maande en rus van 6 tot 9 maande.

Voldoende rus na beweiding saam met die weiperiode is en bly die belangrikste faktor vir volhou-baarheid. Indien die weitydperk dus lank is, moet dit opgevolg word deur 'n lang rusperiode. Die positiewe uitkoms van langer weitydperke is dat diere wel dele van kampe wat hulle normaalweg vermy, beter benut. Hier word nie verwys na oorbenutting nie, maar dat die weidingskapasiteit van die kamp nog steeds dieselfde is as wat veldtoestand dikteer.

Kort weiperiodes het die praktiese probleem dat die veebelading redelik hoog moet wees om die kamp vining en effektief skoon te vreet. Dit beteken verder dat die troppe redelik groot moet wees, of dat die kampe relatief klein moet wees. Daar kan, is en sal nog lank redeneer word rondom hierdie aspekte van veebelading (tropgroottes), aantal kampe en hulle groottes – almal het maar hul praktiese probleme waarmee tussen wetenskaplikes gestoei word. **Hierdie benaderings moet net nie ten koste van lank genoeg rusperiodes geskied nie (rustydperk mag te kort raak).**

'n Verdere voorbeeld van beweiding, kampgrootte en veldverbetering is 'n plaas van 800 ha in die sentrale grasveld met 4 kampe van 200 ha elk en 1 trop. In so 'n geval sal gesukkel word om veld-verbetering te bewerkstellig, aangesien dele van kampe onderbenut sal word en dele weer oorbenut, onafhanklik van die wei- en rusperiodes.

Sou dit onderverdeel word in 8 kampe van 100 ha elk en met twee troppe bewei word, lyk die prentjie klaar bietjie beter.

'n Goed ontwikkelde en verspreide wortelstelsel is baie belangrik vir die volhoubare produksie van die smaaklike weiplant sodat dit sterk kan kompeteer vir water en voedingstowwe.

Deur byvoorbeeld 2 maande of langer se benutting per kamp en langer rustydperke kan die veld verbeter.

In laasgenoemde geval (8 kampe) sal 1 trop nog beter veldbenutting verseker, met ook korter weiperiodes wat toegepas kan word, maar dit hang natuurlik ook van die boer se kuddebestuur, veldtipe en terreinsituasies af. Nog meer kampe per trop, hoe beter, maar die kampe moet ook nie te klein wees nie, anders het dit moontlik nie meer 'n ekologiese voordeel nie. **Samevattend kan gestel word dat die slegste scenario lang weitydperke is met te kort rusperiodes.**

Droogte (waterstremming) het 'n groter impak op wortelafsterwing as alleenlik ontblaring en daarom moet die twee aspekte altyd saam beskou word. In groot dele van ons weiveldgebiede is 'n droogte meer die reël as die uitsondering en daarom moet hierdie krisisse baie goed bestuur word.

Die resultate met hierdie studie verkry, het duidelik uitgewys watter geweldige negatiewe impak ontblaring saam met 'n droogte vir wortelgroei inhou.

